

Karnaval

'n Langstraat-drama

Karnaval het in die Buiten-Ruimte, Kaapstad, geopen op 12 Julie 1976.

Regie deur die dramaturg met die volgende rolverdeling:

LETITIA: Christine Basson

PHYLLIS: Margot Luyt

DORA: Cornelia Stander

RITA: Trix Pienaar

ANDREA: Grethe Fox

BOY TJIE: Pieter-Dirk Uys

JAVANESE JUMPING JACK: Vincent Ebrahim

Die produksie is ná tien opvoerings deur die sensors verbied. Dit was vir vyf jaar verban.

Karnaval is toe in 1981 weer opgevoer in die Upstairs van die Markteater, met regie deur Dawie Malan, en die volgende rolverdeling:

LETITIA: Margi Lewis

PHYLLIS: Lida Botha

DORA: Joey de Koker

RITA: Magda Beukes

ANDREA: Lynette Luyt

BOY TJIE: Dale Cutts

JAVANESE JUMPING JACK: Kevin Smith

“Karnaval” – die gedig later in ’n lied omskep deur Coenie de Villiers

Langstraat Long Street Langstraat!
Ons eie mooi vol-sang-straat
our midnight horror bangstraat
waar messe meid en moffies praat
en one-and-a-half palm trees skiet ook saad
hiep hiep hoere for ou Langstraat

Fishpongs samoesas en brakkie-pee
cars wherever the eye can see
classy renovation here there and far
Cape Town makes Long Street a Star!

‘Boomstraat Boomstraat Boomstraat
alle meide hol da bo innie Boomstraat.’

Langstraat Boomstraat Long Street!
Onse eie classless fun-treat
every dronkie’s bitch-on-heat
ons vir jou, you blerrie ou tart
you long straat!

‘Waar’s die bome?’
‘Sieker Cape Flats toe saam met al die ander.’

Langstraat, ons maat
van Kloofstraat tot visgraat
New Orleans SA style
Long Street Brown ladies mile.

En bo op haar balkon
sit Babylon in die son
en droog haar blondgedyede hare

haar nightclub-snare
sy ken ou Langstraat poedelkaal
for every night is Karnaval!

Pieter-Dirk Uys
Langstraat Kaapstad
Julie 1975

Dis 31 Desember 1975 in Kaapstad.

Ons is in Langstraat op Oujaarsaand. Die aksie vind plaas op die eerstevloerbalkon van 'n losieshuis. Die styl van die gebou is tipies vir Langstraat: traliewerk en ou gietysterbalustrades. Voorbeelde is die ou Blue Lodge en voormalige Carnival Court.

Daar is vier deure wat van die balkon af lei: drie na kamers en een na die trap wat afgaan na die straat. Die balkon is vir almal. Daar is 'n pyltjebord teen die muur. 'n Waslyn met kinderklere daaraan. 'n Kind se driewiel, gebreek.

Op die oorkantste balkon is 'n partytjie aan die gang. Die gaste is van 'n ander stand, want daar is geld, modes en selfvertroue. Die musiek van die tyd word ook af en toe luid gehoor.

EERSTE BEDRYF

Die balkon is leeg. Dis vroeggaand. Somer. 'n Dronkie se stem word van onder links in die straat gehoor.

DRONKIE (gehoor): Hêppy Nuwe Djaar! O Hêppy Nuwe Djaar! (*Hy hoes.*)

Letitia kom uit haar kamer. Sy is nog besig om haar reg te maak om uit te gaan: hare deurmekaar. Dra kortbroekie. Kyk regs af in die straat waar haar jong matroos teruggaan na sy skip.

LETITIA (roep en waai): Sayonara!

DRONKIE (gehoor): Hallo, Mêdem? Hey, Mêdem? Throw's a bit of money, Mêdem. My old mother is sick, Mêdem. Buy her a Bible for the New Year, Mêdem.

LETITIA: Wat?

DRONKIE: My ou ma, Missies, sy's in die hospitaal, Missies. O, Missies, haar been word afgesny, my missies!

LETITIA (afwysend): Ag . . .

Phyllis kom in uit die kamer wat sy deel met Boytjie en die twee kinders. Die kinders slaap daar binne; sy maak die deur versigtig toe.

PHYLLIS: Shhhhhh, Letitia . . .

DRONKIE (gehoor): She's going to lose a leg, Mêdem, somaar on the New Year, Mêdem.

PHYLLIS: Wonder hoeveel bene die ou vrou het. Is al die derde been wat afgesit word. In 'n week.

LETITIA (roep): Hey, donner? Bring my die been, dan kry jy die geld.

DRONKIE (gehoor): Nay sies, Missies! Ag toe, Missies . . . (*Letitia sug diep en gaan na haar kamer.*) Happy 1976, mies Phyllis!

Phyllis waai onder links na hom.

Gaan Mêdem party hou, lekker djol?

Die party oorkant die straat trek nou haar aandag. Mens hoor popmusiek.

Ag, Missies, eet, drink en wees vrolik, because tomorrow we all die.

Ons hoor 'n stem van die party aan die oorkant.

STEM (gehoor): Oh, for God's sake, shut up down there!

DRONKIE (gehoor): Anything for God, Master! Anything for God.

Phyllis sug. Hulle maak te veel geraas. Sal die kinders wakker word? Letitia kom weer op die balkon. Sy gooi 'n geldstuk af na die dronkie.

LETITIA: Hierso, Sydney, have fun.

DRONKIE (*gehoor*): Thanks, Miss Letitia. God bless you, Miss Letitia. Happy New Year, Mêdem.

Letitia sukkel met haar hare.

LETITIA: Blerrie hel, wat gaan hier agter aan? Help gou, Phyl . . . (*Sy draai haar kop. Phyllis help.*) O eina, die blerrie muisneste.

PHYLLIS: Sny jou hare, Letitia.

LETITIA: Moenie pluk daaraan nie, dis fragile.

PHYLLIS: Jou roots wys.

LETITIA: So what. Who looks at the roots before they climb the tree?

PHYLLIS: Gaan jy so?

LETITIA: Waar's jou Boytjie?

PHYLLIS: In die bar.

LETITIA: Mmm. I thought he was taking you out.

PHYLLIS: Ja.

LETITIA: Where are you going?

PHYLLIS: Nowhere.

LETITIA: Hy neem jou nie uit nie?

PHYLLIS: Wietie . . .

LETITIA: Blerrie useless, daai Boytjie van jou.

PHYLLIS: Mmmmm.

Pouse.

Waar gaan jy? Navvies?

LETITIA: 69 . . . Navvies . . .don't know, we'll see.

PHYLLIS: Who's we?

LETITIA: Me and my shadow. (*Wys na haar kamer.*) Rita's busy painting away the bad bits of her face. O nee, hoender se hol, I rather show roots and all. Rita should have been a plastic surgeon. Perfekt blerrie tegniek. That's one New Year's resolution I make. In future, plak sy haar gate toe in iemand anders se kamer. I'm not a blerrie public convenience.

PHYLLIS: I thought you two weren't talking?

LETITIA: Ja. Well, that was yesterday. Today we're ou pals. Sjoie, sy's 'n bitch. Auntie Dora sê sy was so 'n aangename meisie toe sy hier in die voorportaal van die hel aangekom het. You could've fooled me.

PHYLLIS: Nay, sy was okay.

LETITIA: Rita okay? She even makes me blush and that says a lot.

PHYLLIS (*lag*): Ja. Ek dog jy gaan terug na Bloemfontein om jou mense te sien op die Nuwe Jaar?

LETITIA: Ja.

PHYLLIS: When you going?

LETITIA: No, man. They think I'm doing typing down here. There's a lot you can hide, and a lot you can't. This you can't. (*Sy wys na waar hulle is.*) My Ma kry 'n stroke. (*Pouse.*) Toemaar, I sent her fifty rand.

Phyllis reageer nie.

I said I sent her fifty rand! Money doesn't grow on blerrie trees, you know.

PHYLLIS: Dis okay, Letitia. Fifty rand.

LETITIA: Mmm. Shame. Ou Ma wants a portable radio like Auntie Dora got.

PHYLLIS: For fifty rand?

LETITIA: Easy. Japanese radios. Buy ten for fifty rand.

PHYLLIS: Jy's generous, hey?

LETITIA: Ja. I don't forget my folks. They gave me everything, man. Clothes, food, you know. Hulle's okay. They think I'm a typist. Dis ook okay.

Sy stamp aan Phyllis en wys na onder in die straat.

Hey, check daar . . . Miss Fancy Pants van die plaas. Blerrie primitive.

PHYLLIS: Los haar uit, man.

LETITIA: Auntie sê sy't haar kamer uitgewit.

PHYLLIS: Wanneer?

LETITIA: Day she moved in. Paint gekoop, kamer uitgewit, door chain aangesit. Seker bang sy gaan gerape word. Waa-la, she should be so popular.

PHYLLIS: Andrea.

LETITIA: Wat's dit?

PHYLLIS: Haar naam. Andrea. Hel, ek wens ek het so 'n fancy naam gehad. Andrea.

'Phyllis' laat mens so dink aan die gutter.

LETITIA: 'Specially when you're around.

PHYLLIS: Ag, los my uit, Letitia, man. It's New Year.

LETITIA: Happy New Year.

PHYLLIS: Thanks.

Pouse.

Musiek van oorkant.

LETITIA: Jy sê Boytjie's in die bar?

PHYLLIS: Where else?

LETITIA: Maybe City Hall Symphony Concert?

PHYLLIS: Waar! Boytjie?

LETITIA: Ag nee, man, Phyllis, where's your sense of humour? Jy okay?

PHYLLIS: Of course. I'm bored, man.

LETITIA: So get Boytjie and come with us.

PHYLLIS: Nee wat.

LETITIA: Ja wat. Tonight's just straight, man!

PHYLLIS: Waar straight?

LETITIA: True's God, straight. Dis mos New Year.

PHYLLIS: Resolution?

LETITIA: Straight? You must be mad. I'm a woman, full-blooded and frenzied. I need life.

PHYLLIS: So what's tonight? Death?

LETITIA: New Year.

PHYLLIS: Happy New Year.

LETITIA: Thanks.

Auntie Dora kom in uit haar kamer.

PHYLLIS: Hi, Auntie Dora.

LETITIA: Oit, ou Auntie!

DORA: Waar's Boytjie? Ek wil my magazine hê.

LETITIA: Hy versterk die innerlike mens.

PHYLLIS: Hey?

LETITIA: Hy suip. SUIP!

DORA: Waar's die magazine, Phyllis?

PHYLLIS: Die magazine? Ek weet nie, Auntie.

DORA: Ag nay, man, gaan soek in die kamer. I need my literature, girlie.

PHYLLIS: Die kinders slaap, Auntie Dora, ek willie die lig aansit nie.

DORA: Oh ja. Ag nee wat, darling, los maar.

LETITIA: Yes, please God, all I need now is your blerrie brats under my feet.

DORA: Ag nee toe nou, Letitia, show some charity.

PHYLLIS: For your information, before 'the brats' fell asleep they said to me to wish Auntie
Letitia a Happy Birthday.

LETITIA: My birthday's in May and I'm no one's blerrie Auntie!

PHYLLIS: Ag, what does New Year mean to them?

DORA: My tyd, Letitia, Happy Birthday, dearie.

LETITIA: It's in May.

DORA: So why you spread rumours?

LETITIA: What's the time? Phyllis, sê thanks vir die kinders and Happy Birthday vir hulle ook. (*Sy roep.*) Come on, Rita, man! Are you finished with my razor?

Letitia gaan na die kamer.

DORA: Wie se birthday is dit?

PHYLLIS: Ek weet nie, Auntie. Die wêreld?

DORA: Gaan jy uit, darling?

PHYLLIS: Nee, Auntie, ek weet nie. Boytjie het gesê laas week ons gaan dans, maar . . .

DORA: Is hy weer in die bar?

PHYLLIS: Where else? Jissis . . .

DORA (*vies*): Ag nee, Phyllis!

PHYLLIS: Jammer, Auntie Dora.

DORA: If you have such a need to use our Lord's name, use it in prayer.

PHYLLIS: Ja, Auntie. Sorry, Auntie, dit het uitgeslip.

DORA: Mmmm. So what am I going to read?

PHYLLIS: Wat van jou ander magazines?

DORA: I know them off by heart. Waar't Boytjie die ding gesit! Alla wêreld, I hope it's not in the bar?

PHYLLIS: Ek wietie, Auntie.

Rita kom uit Letitia se kamer waar sy regmaak. Rita se kamer is op die boonste vloer van die gebou. Loop na Phyllis en Boytjie se deur.

Rita? Wat wil jy hê?

RITA: Ag, sweetie, kan ek jou rooi scarf leen?

PHYLLIS: Nee, Rita, nie nou nie. Die kinders slaap uitendelik.

RITA: Nou well, ek gaan nie op die tafel dans nie!

DORA (*koel*): Jy't nou gehoor, Rita, die kinders slaap. Jy't nie 'n scarf nodig nie, darling. Sit somaar 'n kussingsloop oor jou kop.

RITA: Very funny, Auntie Dora.

DORA: En waar gaan jy vanaand so opgepop?

RITA: Uit.

DORA: Nou weet ek alles. Dankie. Sy gaan uit. Raai, nè? Uit. Adventurous nogal ook.

RITA: Ek gaan uit met Letitia.

DORA: Ek is rasend van opwinding!

RITA (*luid*): Ag hel, Auntie Dora!

PHYLLIS: Shhh . . .

RITA: But it's New Year, for God's sake, man, Phyllis!

DORA: Rita, jou taal!

RITA: Ons taal, Auntie Dora. (*Dan herhaal sy, spesifiek om Dora te irriteer.*) For God's sake, man, Phyllis, keep the kids up. They'd love it. It's great sports. Toe ek klein was, het ek altyd opgebly vir New Year. Lekker, man.

DORA: Ja, en kyk hoe lyk jy nou.

RITA: Los my uit, Auntie Dora.

DORA: Hoekom lieg jy so? Tell the truth. Jy was saam kerk toe met jou mense. Elke Nuwe Jaar. Jy't my self vertel.

RITA: Ag rubbish! Kerk? I don't need to sleep on a bench. I do it at home. Wanneer het ek so iets gesê? I must've been drunk. Sies, Auntie Dora, don't try and convert me, hey! You go rot in Church and leave me.

DORA: Ja, to rot on the sidewalk.

PHYLLIS: Asseblief. Die kinders is moeg. Hulle't heeldag gespeel . . .

RITA: Wel, sê vir haar. Sy's die een met die groot bek.

PHYLLIS: Antoinette copied a pop star on the radio. Sy't 'n oulike stemmetjie, hey, Auntie?

RITA: Stemmetjie? The blerrie noise. God!

DORA: Ek sê dit nie weer nie! Jy gebruik nie sulke taal op my balkon nie, hoor jy, darling?

RITA: Auntie Dora, you might have been here in this dump since before we were born, and so you can play Big Boss. Maar eendag is jy dood, and then no one will give a hell either.

DORA: Until that time, you give a hell.

RITA: Okay, ek worry nie.

PHYLLIS: Shhhh . . .

RITA: Okay! I'm going out. (*Steek tong uit vir Dora.*) Oh dearie blerrie me, the generation gap!

Dan roep sy luid.

Letitia!

Rita gaan na die kamer en maak die deur toe.

PHYLLIS: Ek sal vir Boytjie gaan vra vir Auntie se magazine.

DORA: Daardie Rita. Kyk hoor? Sy gaan haar liederlik vasloop. Groot mond, vieslike taal.

Dit gee ons Afrikaanse meisies 'n bad reputation. Common with a capital K!

PHYLLIS: Voor Boytjie kom, het jy 'n cigarette vir my, Auntie Dora?

DORA: Oh dearie me, the day she arrived here, kon jy van haar lyf af geëet het. Oulike kind.

Niks Engels geken nie. Ons het vir ure hier gesit en praat. Ek dog sy was 'n vriend. En toe vreet Die Stad haar op.

PHYLLIS: Ag wat, Auntie Dora, she's okay.

DORA: She's too full of herself. When I was her age . . .

PHYLLIS: Ja, okay, Auntie. Cigarette, Auntie? Boytjie's got my packet.

DORA: Ja, darling, help yourself.

Phyllis steek 'n sigaret aan. Ons sien sy is senuweeagtig ingeval Boytjie opdaag. Luister ook vir geluide uit haar kamer.

Is die kinders wakker?

Pouse.

PHYLLIS: Andrea's in.

DORA: Waar?

PHYLLIS: Gesien sy kom in. Nou net.

DORA: Now there's a good girl for you. And she's going to stay that way.

Pouse.

Dora kyk stip na Phyllis. Sy word ongemaklik.

PHYLLIS: Hoekom kyk Auntie vir my so?

DORA: Ek sien myself jare gelede. Darling, I don't recommend that you do what I did, maar ek sê net: Dankie Here ek is alleen, en vol geloof, en vry. Sal ek vir Boytjie gaan soek?

PHYLLIS: Nee, Auntie, asseblief. Hy sal kom as hy reg is. Jy sal hom net weer kwaad maak.

DORA: Nou luister jy na my, Phyllis. As hy weer een keer aan jou slaan . . .

PHYLLIS: Hy slaan my nie, Auntie Dora.

DORA: . . . ek het vir hom gesê, ek gaan polisie toe. Net een keer weer! Jou oog is nog opgeswel.

PHYLLIS: Ek is moeg.

DORA: Ja, maar daai oog is te lankal so.

PHYLLIS: Ek is hels moeg, Auntie. Die twee kinders maak my klaar. It's not easy.

DORA: No, it's not easy. And it's not going to get easier either. Julle moet hier uit kom,

Phyllis. Jou Boytjie moet 'n deeglike werk soek en dan moet julle Bellville toe trek.

Anywhere.

PHYLLIS: Ag, waar's die geld?

DORA: Die kinders het gras en katte nodig. This is no life for them.

PHYLLIS: Well, it's good enough for me!

DORA: Ja-nee, darling, and that's what worries me.

PHYLLIS: Auntie Dora, moenie nou weer met my begin nie.

DORA: Jy het kinders, Phyllis. Dit . . . is nie goed genoeg vir jou kinders nie.

PHYLLIS: Hulle worry nie.

DORA: Ek worry.

PHYLLIS: Nothing to do with you.

DORA: Oh no? En wie't die kinders opgepas toe jy en Boytjie weg is? Overnight for three weeks?

PHYLLIS: Daar was . . .

DORA: No way was daar 'n rede nie. Wie't hulle opgepas? Letitia en haar boyfriends? Rita Rubbish? Oh no, dearie, dit het alles met my te doen. I haven't reached my age and retirement to start all over again with someone else's brats.

Rita kom in uit Letitia se kamer. Sy is reg vir haar aand uit: hare gedoen, grimering net reg. Haar rokkie is kort. Haar hoëhakstewels tot onder haar knieë.

RITA: En hoe lyk ek? Grand? Puss-in-Boots!

DORA: Ek sê nog die kussingsloop sal 'n groot verbetering wees.

RITA: Auntie Dora, why don't you jump off the balcony!

PHYLLIS: Shhh . . . asseblief . . .

DORA; Rita, hou jou vuil bek! Die kinders slaap.

RITA: Auntie Dora, ek het nie 'n bek nie. Ek het 'n mond. En elke keer as ek na 'n man kyk, vrek hy vir dié mond van my. So your words can never hurt me.

DORA: Jou ma sou huil.

Pouse.

RITA: Los jy my ma uit, hoor?

DORA: Sy sou huil. Sy sien alles. Al is sy dood, is sy by Hom en ween oor jou, Rita van Wyk. Sies, jy behoort op jou knieë te gaan en Hom te dank vir alles wat Hy jou vergeef het.

RITA: Ek wil nie my kouse leer nie. Waar's Boytjie?

PHYLLIS: Ek weet nie.

RITA: Ek weet.

DORA: In die bar.

RITA: Sy weet ook.

PHYLLIS: Ek het hom gevra om cigarettes te gaan koop.

RITA: Oh really? Cigarettes?

PHYLLIS: Ja. En waar gaan julle?

RITA: Uit.

DORA: Sy gaan uit. Don't ask her for all her secrets.

PHYLLIS: Blue Moon?

RITA: Ek weet nie. Miskien die fancy Van Donck-Kamer. Depends on Lady Luck.

DORA: En wie's dié nou?

RITA: Het Auntie Dora nie geweet nie? Ek slaap ook met vrouens. Ek is *Modern Woman* en *Fair Lady* met 'n tikkie *Personality* by . . .

DORA: En in daardie rok, pure *Landbouweekblad*! Het jy iets lekkers vir my om te lees?

RITA: Haai? Gaan Auntie Dora dan nie uit vir haar Nuwe Jaar nie? Is Auntie Dora te besig?
Of het Auntie Dora regtig niemand nie?

DORA: Ek, Rita darling, gee 'n dinee vir 'n vriendin van my, hier op die balkon. Ons gaan saam die Nuwe Jaar inwag.

RITA: Hoe gaan hulle haar doodskis hier kry? Helikopter?

PHYLLIS: Hou nou op, Rita. Jy gaan die kinders net wakker maak.

RITA (*gil*): Letitia! Move your blerrie butt!

PHYLLIS: Please, man, Rita . . .

RITA: Ja, ja, jou donnertjies slaap. Good blerrie riddance.

Popmusiek van oorkant. Sy kyk na die party.

Party oorkant die straat.

PHYLLIS: Ja.

RITA: Sies. Decadent. So fancy it's not true. I wouldn't go even if you paid me.

PHYLLIS: Why should you go? Do you think they'd ask you?

RITA: I'd say go to hell. Blerrie snobs. Gisteraand was daar drie in kaftans op hul balkon.

Sies! Couldn't tell the difference between the sexes.

Nog musiek. Dora kyk ook met belangstelling.

DORA: Wonder wat sê hulle van ons.

PHYLLIS: Al die ou hoere.

DORA: Phyllis!

PHYLLIS: Jammer, Auntie Dora.

RITA: Wie's 'n hoer?

DORA: O, sekerlik nie een van ons Afrikaanse meisies nie! Ag nee, asseblief! Dit bestaan mos nie onder ons mense nie!

RITA: Of course not. Lust for blerrie life, that's us.

DORA: Lust? That's you. Life? That's me.

Letitia kom in uit haar kamer. Sy is ook reg vir die aand.

LETITIA: Okay. Ready for Freddy!

RITA: Sy wil nie die scarf vir my leen nie.

LETITIA: Ag, you don't need it, Rita. You look stunning. Hey, Phyl, hoekom kom jy en Boytjie nie saam nie?

PHYLLIS: Hy's besig.

RITA: Glug-glug-kots-poep!

DORA: As ek terugdink aan . . .

RITA: . . . aan die goeie ou dae toe ek elke aand Liewe Jesus gebel het? Ja toemaar, ou Auntie, los my uit. Ek is high-powered en in fashion. Jy's oudoos.

DORA: Die liewe Heer sal my vergewe as ek dit sê: Rita van Wyk, ek wag vir die dag wat ek verby jou kan stap as jy in die straat lê, en jou aansien vir die robbies wat jy is.

RITA (*lag*): Ek ken die storie van jou lewe, Auntie darling, so shut up. Ek ken die storie van jou lewe.

DORA: Ja, maar ek is nog hier, ten spyte daarvan. Letitia? Het jy vir my iets om te lees?

LETITIA: Ja, Auntie Dora. Ek het die new *True Romance*.

DORA: How new? Ek dink ek het hom.

Letitia en Dora gaan in Letitia se kamer in.

RITA: Ek dog die ou bitch gaan kastig entertain?

PHYLLIS: Ag, los haar uit, Rita.

RITA: Sy moet my uitlos! Familiarity breeds respect. Ek is mos nie enige ou hoer se target nie.

PHYLLIS: Jy mors haar rond.

RITA: Sy soek vir my. Sy onthou te veel. Dankie Vader, Malmesbury is so ver weg, dis net 'n naam soos die Hel. Ek is gesave! Saved from a fate worse than death.

PHYLLIS: Malmesbury?

RITA: È . . . ja. Wat het jy gehoor?

PHYLLIS: You've been talking forever about coming from Johannesburg.

RITA: Ja well, I suppose the truth will out.

PHYLLIS: Malmesbury? Jy?

RITA: Ná Mama se dood is my pa weer getroud. Thank God, I now know he's not lonely. Ek en my suster het die spoorwegbus van Malmesbury Kaap toe geneem. Hel, dis soos gister. Long before I plucked my eyebrows. Jissis, Phyllie, I had thick black caterpillars. Anyway, Sis is toe 'n week daarna huis toe. Ons het eendag in die straat geloop en 'n kleurling het aan haar gat gevat. Sy's huis toe, contaminated by progress. You can't get work down here, man. Die blerrie meide kry ons werk, because they know The City. Hulle't nie vir my op skool geleer van The City nie. Die Groot Trek en Simon van der Stel se ou boompies ja, maar niks van The City nie. Ek wil nie werk in 'n plek vol meide nie. Sies. Ek loop liewers rond. I'm my own boss.

Pouse.

Wie gaan sy entertain?

PHYLLIS: Ek vra nie.

RITA: Check uit vir my. Sjoë, as ou Dora 'n pal het, dan vreet ek wragtig Letitia se bra.

Phyllis kyk haar verstom aan.

Ek dra mos nie bra nie! Wat will jy hê moet ek vreet? My bootse? Te duur en te smart om te vreet.

PHYLLIS: Ek wens ek was soos jy.

RITA: Ja?

PHYLLIS: Ja. Mense kan so gou sien as ek gehuil het.

RITA: Waar, ek huil mos nie.

PHYLLIS: Nee?

RITA: Ag los my uit, Phyllis. You've got enough problems. Ons weet almal daai Boytjie is 'n kak.

PHYLLIS: Ja.

RITA: Los hom.

PHYLLIS: Vir wat?

RITA: Life.

PHYLLIS: En die kinders?

RITA: En wie se skuld is dit? Jy kon dit prevent het.

PHYLLIS: Ek wou hulle hê.

RITA: Okay, so don't moan. Thank God I'm independent. Hoe lyk ek?

PHYLLIS: Okay.

RITA: No, tell me, man. Girl to girl.

PHYLLIS: Girl to girl?

RITA: Mmm, jy's mos 'n fan.

PHYLLIS: Te veel make-up.

RITA: Jou gat, man.

PHYLLIS: Hoekom al die *base*?

RITA: My vel is opgemors.

PHYLLIS: Ja.

RITA: Dit word beter.

PHYLLIS (*sug*): Ja. Alles word beter.

Pouse.

Musiek van oorkant. Ons hoor ook stemme.

Rita wys na iemand se klere.

RITA: Mama het ook so iets gehad. Same colour like, jy weet. So gesny bo die knie. Blerrie daring vir Malmesbury. Nooit gedra nie, want Papa was 'n ouderling. Ek het die rok na 'n skooldans gedra. S'true, ek was 'n blerrie sensation. Ek het Mama se skoene ook gedra. Selle size. Mama se skoene. Mama se rok.

Pouse.

Wonder waarom hulle praat.

Sy wys na die oorkant.

PHYLLIS: Sex.

RITA: Praat jy ooit oor breakfast?

PHYLLIS: Wat?

RITA: Dis seks vir hulle. Blerrie breakfast. Ek wens ek was 'n fly on the wall.

PHYLLIS: Who cares?

RITA: Hulle't almal nuwe karre. Wat ek nie met 'n kar sou kon doen nie . . .

PHYLLIS: Ja.

RITA: Sies, money corrupts. Dink jy hulle praat oor ons?

PHYLLIS: Ag, what for, man?

RITA: No, ou Phyllis, seriously. Dink jy hulle praat oor ons?

PHYLLIS: Maybe.

Pouse.

Lag miskien.

RITA: What's funny!

PHYLLIS: Carnival.

RITA: Hoe nou?

PHYLLIS: Ag, laas week is ek bioscope toe. So in die middag, Auntie het die kinders na die Gardens gevat vir ice cream.

RITA: Jy en Boytjie na die bioscope?

PHYLLIS: Nooit! Is jy mal? Hey, don't tell him. Hy sal my net slat.

RITA: Nee, man, Phyllis! Hey, wat het jy gesien?

PHYLLIS: Daar was 'n short oor Brazil. Jissis, man, Rita, it's green, hey? White buildings, green trees, colour! Hell, I had a lus to bugger off to Brazil. Carnival in Brazil. Dit het lekker gelyk. Bands, floats, masks . . . hel, man . . .

RITA: Soos die Coons hier op New Year?

PHYLLIS: Ek wietie. Never seen the Coons. Anyway, they're so pathetic.

RITA: You miss everything, Phyllis, man.

PHYLLIS: Ja.

RITA: Brazil? There's helse poverty there, man. Nee, give me Cape Town any day.

Luide gelag van Dora en Letitia uit die kamer. Rita gil.

Keep it decent in there, you two sluts!

Pouse.

Jy weet, ek is mos gename na 'n blerrie filmster.

PHYLLIS: Ja?

RITA: Ja. Ou Rita . . . Rita . . . wat was haar naam. Sy was in *Salomie*. Ek het dit daar in Malmesbury gesien. Age restriction, maar ek't haar gesien. Salomie!

PHYLLIS: Waaroor gaan dit?

RITA: Salomie? My jislaiik, Phyllis, almal weet van Salomie!

Pouse. Maar Phyllis skud net haar kop.

So 'n Roman ding, man. Ou Rita is Salomie. Haar ma trou weer, somaar met 'n emperor laiik. Sexy ou bogger. En Salomie word baie vinnig groot en Stiefpa starts lusting after her. Jy weet mos, lust! But she's got a problem.

Phyllis luister oopmond.

Called The Itch. Sy's 'n nymph!

Sy herhaal stadig.

A nymph, Phyllie! So she likes a lot of IT, man!

Phyllis verstaan nou en lag saam.

Ag, but she's a princess and with all those ou senators skindering, you can't even flap your blerrie eyelashes at anyone. She doesn't really mind Stiefpa's lechering, except when Ma's around. Anyway . . . wil jy die storie hoor?

PHYLLIS: Ja.

RITA: Well, then shut up and don't interrupt me. One night they have one of those banquets that you've got to go to, and be so damn charming it's enough to make you quite sick. And ou Salomie somaar gets the hell in and goes out onto the balcony to get some fresh air and peep at the soldiers. And, Jissis, who should she meet there, but the Syrian guard. He hasn't got a name, because Syrian guards is mos sulke grillerige ouens. They keep them apart. But he's so blerrie gorgeous, sy wil hom somaar gryp! Ag, but when you're a princess you don't vry with rubbish. So sy chat maar met hom, en check hom maar so carefully uit – he's okay. And then she hears about this leader of the slaves, ou – ag, jy weet mos, man – ou Spartacus or something? He's causing a lot of trouble there by the Palace with all his nonsense. Shame. And she thinks he's old, because only old people are sis. But hell, then she hears he's young! And he's naked in his cell! And I want him now, she says! En die Itch is erg, man! And they bring him to her and, hel, ou Phyllie, there's helse compatibility.

Rita lag en Phyllie lag somaar saam.

Then the others come and see her with this ou, and Ma throws a fit and Stiefpa Emperor gedra hom nes 'n blerrie drol. But she maar listens to their nonsense, meanwhile eyeing this slaafmens with a lusty eye, while the poor ou Syrian gets Hot Pants. But what the hell, he's only Staff, he can't make a scene.

Rita speel ook al die rolle.

And then one thing happens and another thing happens, and to get a bit of sex and violence going, ou Rita . . . ou Salomie . . . calls for the head of ou Spartacus or something. Somaar net in 'n joke like, jy weet? But, oh my goodness! There it comes! Die hele blerrie kop! Ou Salomie gets as mad as a blerrie slang and somaar wants to go to bed and sulk, but ou Emperor gets all sexy with her now and somaar wants her to dance. 'Nay sis, man, Pa!'

She starts dancing and taking off her veils, and she ends up nearly kaalgat and everyone is hels geskok, but they can't stop looking either! And if that's not bad enough, the blerrie Itch comes back and ou Salomie gets the hots for everything in pants. Ook maar goed girls wore skirts, otherwise there'd really be trouble! She flirts with Stiefpa and Ma throws a fit. Then she sees the Syrian ou in his tight clothes, en raps-snaps pak sy hom ook somaar vas! Ou Emperor tjorts op die plek in sy tunic, and before you know it, the film is over and Salomie is dead.

Pouse.

PHYLLIS: Jissis.

RITA: Ja, shame, and all she wanted was to be loved.

PHYLLIS: Ja.

RITA: Well, there you have it. The story of ou Salomie. The girl Spartacus or something lost his head over. (*Sy lag.*) Ek moet weer eendag gaan fliek, raai. Last thing I saw was with Mama . . . Ag, ek het ook nie tyd nie.

PHYLLIS: Nee, jy slaap!

RITA: Nou ja, wat's verkeerd met slaap? Ek werk hard in die nag. Ek moet mos slaap!

PHYLLIS: Ja, okay.

RITA: Ja, okay! Moenie so smart word nie.

PHYLLIS: Ag, Rita, man . . .

RITA: Jy's ook maar bitter, ou moedertjie. Jy't 'n fout gemaak met jou Boytjie en brats. Die wêreld sal vergaan deurdat mense soos jy kos demand vir jou foute. Letitia!

PHYLLIS: Shhhhh, Rita, please, man . . .

Letitia en Dora kom in, laggend. Dora het die tydskrif in haar hand.

DORA: Ek sal dit môre teruggee. Ek belowe.

LETITIA: Dis okay, Auntie.

DORA: Nee, eerlik.

Sien Rita op die relings.

Hey, af van my railing! Dis gepolish.

RITA: Oh pardon me for breathing. En wat is dit? *Lady Chatterley's Lover*?

PHYLLIS: Waaroer het julle so lekker gelag?

LETITIA: O sies, nee. (*Sy lag weer luid.*) Hel, Auntie Dora . . .

DORA: What is it, dear? O my tyd, ja . . . (*Sy lag ook.*)

PHYLLIS: Wat is dit? A joke?

Letitia en Dora lag. Phyllis voel uitgesluit. Rita is dikbek.

LETITIA: Joke? Sies, haai, Auntie Dora.

PHYLLIS: Ag, tell me? Auntie Dora? Toe?

DORA: Ag nee, dis somaar nonsense.

LETITIA: 'En die pawpaws was net sulke goed . . .'

Sy wys die grootte met haar twee hande.

PHYLLIS: Please . . .

RITA: Kom, Letitia, man, I'm bored.

LETITIA: Listen, ou Rita, it's blerrie good.

PHYLLIS: Come on, Auntie Dora, man, tell the joke.

RITA: Oh, hurry up, for God's sake!

DORA: Ek sal vir julle later vertel. Miss World's getting on my nerves.

RITA: Kom, Letitia, ons loop. We must make an entrance.

DORA: Ja. Moenie jou trog en sement vergeet nie . . . om jou entrance mee te maak nie.

RITA: Auntie Dora? Gaan kak!

Rita gaan uit by die deur wat na die straat lei.

LETITIA: Wil jy nie saamkom nie?

PHYLLIS: Nee wat.

LETITIA: Okay, Auntie Dora? Enigiets van die dorp?

DORA: Nee wat, dearie. Have a good time.

LETITIA: Thanks. I'll drink to you.

DORA: Me too, darling, me too.

LETITIA: Met wie?

DORA: Ek gaan 'n dinner skop.

LETITIA: Hey! Grand!

Sy lag weer vir die grap en wys.

Net sulke goed . . . blerrie goed, ou Auntie . . .

Letitia volg Rita af na die straat.

DORA: O alla wêreld, nee. Ek kan mos nie jokes vertel nie.

PHYLLIS: Auntie? Is my kinders 'n fout?

DORA: Phyllis! Wat die Liewe Vader vir jou gegee het, is nooit 'n fout nie.

PHYLLIS: For two months I've missed my period. Ek dink ek is weer pregnant, Auntie Dora.

DORA: Oh my God, Phyllis. Weet Boytjie?

PHYLLIS: Nooit!

DORA: Wil jy nou die joke hoor? Cheer you up.

PHYLLIS: Wat lê vir my voor?

DORA: Wil jy regtig weet?

PHYLLIS: Nee.

DORA: Moeilike tye. Beslis met die nuwe kleintjie Maar, meisie, dan kom die beloning:

skoonseuns, kleinkinders, gelag. Alles wat goed sal wees in jou lewe.

PHYLLIS: Don't make jokes, man, Auntie Dora.

DORA: Druk deur. Dis moeilik. Dis hel. Maar daar is ander om ons wat nog moeiliker tye beleef. Ons het nog 'n dak oor ons koppe, 'n kleur wat ons bo die ander verhef, 'n taal en God wat ons eie is.

PHYLLIS: Nee asseblief, Auntie Dora, moenie nou 'n preek gee nie!

DORA: Jy sal sien, Phyllis, eendag sal jy dít alles vergeet en jou totaalweg inleef in die geluk van jou kinders.

PHYLLIS: Ja, en Auntie praat natuurlik van ondervinding.

DORA: O ja. My kinders: jy, Letitia, Rita – sies – Andrea. En talle voor jou. Ou Dora's Dozens. Lief en leed. Soet en suur.

PHYLLIS: En Boytjie?

DORA: Wat van Boytjie?

PHYLLIS: Wat kan ek doen?

DORA: Hy moet vir hom werk kry. Vir 'n Afrikaner om so rond te lê is 'n vieslikheid. Was sy pa nie Ingels nie?

PHYLLIS: Nee.

DORA: O. Dog's êrens in die familie.

PHYLLIS: Hy sal my vrek slaan. Wat doen ek hieroor?

Sy vryf oor haar maag.

DORA: Bid, darling, bid. God provides.

Musiek en stemme van oorkant qf. Dora kyk en skud haar kop.

Hulle groet my nie eers nie.

PHYLLIS: Wie?

DORA: Daai lot. Ek sê toe eendag ewe mooi goeie môre . . . en niks. Smart society, groot kokkedoere. Geld. Hmm, dis mos nie reg nie. Wit/swart okay; maar wit/wit? Ek weet nie so mooi nie . . .

Phyllis kyk weer rusteloos rond. Sy verwag Boytjie.

PHYLLIS: Wie kom by Auntie eet?

DORA: My secret, dearie. Let's say the best thing to happen to me – tonight.

Dora gaan uit na haar kamer.

Phyllis staan alleen op die balkon en kyk na die oorkant.

Boytjie kom in van die straat. Hy het te veel gedrink.

BOYTJIE: Jis, ou Phyl . . .

Hy is rof met sy arms om haar. Sy probeer wegkom.

PHYLLIS: Boytjie, asseblief, man, die kinders slaap.

BOYTJIE: So? Soen my. Ek is mos jou man.

PHYLLIS: Ja.

Hy soen haar rof. Sy druk hom versigtig weg.

Hey, waar's Auntie se magazine?

BOYTJIE: Hoe moet ek weet? Seker in die kamer.

PHYLLIS: Sy soek daarvoor.

BOYTJIE: Haar hol, man. Kom.

Hy soen haar weer.

PHYLLIS: Boytjie . . . Boytjie, jy maak my seer.

BOYTJIE: Ek soen jou.

PHYLLIS: Ja, maar jou hande . . . ek is nog seer . . . daar . . .

BOYTJIE: Oh yes, point a blerrie finger! Blameer maar weer vir my!

PHYLLIS: Nee . . .

BOYTJIE: O ja, jy sien net ander se foute raak. My foute. Wat van jou foute? Hè? Mama?

PHYLLIS: Boytjie, nie vanaand nie, dis Letitia se verjaarsdag.

BOYTJIE: Wat? (Gil.) Hey! Letitia ou doos, Happy Birthday!

PHYLLIS: Nuwe Jaar, Boytjie.

BOYTJIE: So? Wat moet ek nou doen? Sing? Happy New Year? Met so 'n rubbish Old Year, gee ek nie 'n hel om vir die New Year nie.

Pouse.

Hy loop op die balkon rond, strek en gaap. Baas van die plaas.

PHYLLIS: Was dit lekker daar onder?

BOYTJIE: Okay.

PHYLLIS: Pêllies raakgeloop?

BOYTJIE: Nay, pêllies het gaan party hou.

PHYLLIS: O?

BOYTJIE: Gevra ek moes saamgaan. Waar.

PHYLLIS: Hoekom nie? Jy sou sports gehad het.

BOYTJIE: Blerrie wife and kids, of het jy vergeet, hè?

PHYLLIS: Nee, dankie.

Sy haak versigtig by hom in. Hulle kyk na die oorkant. Musiek van daar af.

BOYTJIE: Party.

PHYLLIS: Mmmmmm.

BOYTJIE: Moffies.

PHYLLIS: È . . . Boytjie?

BOYTJIE: Ek moet net een van hulle in die straat raakloop. Ek sal hulle darem donner!

PHYLLIS: Rita sê hulle lyk almal dieselfde. Mans en vrouens.

BOYTJIE: What the hell. Ek skop hard. Ek's nie fussy nie.

PHYLLIS: Boytjie?

BOYTJIE: Slaap die goed?

PHYLLIS: Ja.

Pouse.

Wil jy nou iets doen?

BOYTJIE: Hè?

PHYLLIS: Iets doen?

BOYTJIE: Ek is lus vir jou.

PHYLLIS: Maar die kinders . . .

BOYTJIE: Slaap. Nou ja, is mos nie nodig om so hard te skree as jy lekker kry nie. Druk jou bek toe. Kom, Phyllie, ek is lus.

PHYLLIS: Ja, ja.

Pouse.

Dis Nuwe Jaar.

BOYTJIE: Kom, Phyllis, man.

PHYLLIS: Jy't gesê ons gaan uit.

Pouse.

BOYTJIE: Wanneer?

PHYLLIS: Ek weet nie.

BOYTJIE: Vanaand? Wat het ek gesê?

PHYLLIS: Ons gaan uit . . . Ag wat, dis niks.

BOYTJIE: Wil jy uitgaan?

PHYLLIS: Nee.

BOYTJIE: Waarnatoe?

PHYLLIS: Ag . . . Letitia en Rita is na die Blue Moon. Hulle't gesê ons moet saamgaan.

Hulle gaan straight.

BOYTJIE: Straight? (*Hy lag.*) Is hulle al weg?

PHYLLIS: Ja, maar . . .

BOYTJIE: Het jy geld?

PHYLLIS: Ses rand, maar . . .

BOYTJIE: Te hel met die kinders. As jy wil gaan, kan ons gaan. Waar wil jy gaan?

PHYLLIS: Ag nee, dis nie belangrik nie . . .

BOYTJIE: Nee wag, man. Ses rand . . . ek het drie in die laai. Ons gaan eet.

PHYLLIS: Wat?

BOYTJIE: Ons gaan uiteet. Dis nog vroeg. Ons gaan na 'n steakhouse.

PHYLLIS: Met nege rand?

BOYTJIE: More than enough. Hey, jy word vet. Jy kry 'n pens.

PHYLLIS: Hè? Ja . . . è . . . maar die kinders . . .

BOYTJIE: Ek sal by Rita leen. Bonus-aand vanaand. Sy sal hope rands hê.

PHYLLIS: Waar?

BOYTJIE: Ek weet nie waar sy haar rands hou nie.

PHYLLIS: Nee. Eet.

BOYTJIE: Steakhouse.

PHYLLIS: Steakhouse? Soos hulle?

Sy wys na die oorkant.

BOYTJIE: Hulle moere, man. Ons is mos nie rubbish nie. Kom.

PHYLLIS: Nee, wag . . . ek . . . ek wil iets aantrek.

BOYTJIE: Jy lyk okay.

PHYLLIS: Nee asseblief, man, Boytjie . . . shhh . . . wag hier.

Phyllis gaan na hulle kamer, maak die deur versigtig oop en maak dit agter haar toe.

BOYTJIE: Hurry up, man!

Andrea kom in by die deur van die straat af.

ANDREA: O . . .

Boytjie kyk haar op en af. Begin dadelik om haar te probeer beïndruk. Glimlag en wys na die oorkant.

BOYTJIE: Party.

ANDREA: Ja.

BOYTJIE: Happy New Year.

ANDREA: Dankie.

BOYTJIE: Gaan jy ook party hou?

ANDREA: Party? O ja. Ek is vir ete genooi.

BOYTJIE: Wat?

ANDREA: Tannie Dora.

BOYTJIE: 'Tannie' Dora?

ANDREA: Ja. Dis mos haar kamer daardie.

BOYTJIE: Auntie Dora het vir jou vir supper gevra!

ANDREA: Ja.

BOYTJIE: Wat? Chewing gum?

ANDREA (*lag*): Maak nie saak nie. Ek is nie honger nie.

BOYTJIE: Jy's mos die nuwe een van die plaas.

ANDREA: Hoe nou?

BOYTJIE: Die Virgin van die Plaas.

ANDREA: O ja, as jy my so wil noem.

BOYTJIE: Is jy?

ANDREA: Ja. Oorspronklik van die plaas.

BOYTJIE: Nay, man, you know . . .

ANDREA: Jy't pragtige kinders.

BOYTJIE: Hey? O ja, ja. Ja-nee, ek is baie trots op hulle. Baie slim. Die kleintjie praat al, vlot Afrikaans. En Antoinette sing – like a blerrie pop star.

ANDREA: Fantasties.

BOYTJIE: Blerrie slim. Albei die goed . . . è . . . kinders. Gaan groot kokkedoere word, soos ou Auntie sê.

ANDREA: Natuurlik.

BOYTJIE: Wat's natuurlik? Ek is nie 'n groot kokkedoer nie en ek was 'n slim kind.

ANDREA: Ja, maar ek . . .

BOYTJIE: Jy maak net conversation. Don't worry, I know the routine. Old routine in my life. Small talk.

Pouse. Hy kyk nie weg nie. Sy kyk weg.

So, wat doen 'Juffrou' nou eintlik – vir 'n living, soos hulle sê?

ANDREA: Tikster.

BOYTJIE: You blerrie lie, man!

ANDREA: Ja, dis maar . . . dis maar so iets om geld in te bring, jy weet . . .

BOYTJIE: Ek weet nie, maar Rita weet. En Letitia. Ryk girls, man. Hulle's my pëllies.

Lekker girls. Ken jy hulle?

ANDREA: Nee, ek is . . .

BOYTJIE: Tikster. Ja toemaar.

Pouse.

ANDREA: Gaan julle vier?

BOYTJIE: Wie se verjaarsdag?

ANDREA: Nuwe Jaar.

BOYTJIE: O. Ja-nee, ons gaan uit. Vier. Ek en Phyllis. My vrou. Sy maak haarself mooi. Dit vat tyd.

ANDREA: Lekker.

BOYTJIE: Wat?

ANDREA: Lekker dat julle uitgaan.

BOYTJIE: Wat het die ou doos van ons uitgechat?

ANDREA: Die wie?

BOYTJIE: Dora. Vir jou vertel van ons 'lief en leed; soet en suur'?

ANDREA: Nee. Ek is maar nuut hier aangekom.

BOYTJIE: Nuut's the blerrrie word. Hey, Virgin, praat weer met my met 'n paar kneusplekke aan jou lyf. Dan sal ons dieselfde taal praat. (*Gil:*) Kom, man, Phyllis!

PHYLLIS (*gehoor*): Shhhh . . .

BOYTJIE: Ek behoort nou eintlik ook iets anders aan te trek, maar ag what the hell, they must take me as I come.

ANDREA: Yes.

BOYTJIE: Steakhouse.

ANDREA: Oh?

BOYTJIE: Ons gaan uiteet. Ag you know, somaar casual-like.

ANDREA: Daar's 'n lekker plekkie somaar hier bo in die straat. Baie lekker goedkoop.

BOYTJIE: Ek eet nie in 'n goedkoop plek nie. Niks is goed genoeg vir my en ou Phyllis nie. Ons eet waar die kos goed is, nie goedkoop nie!

ANDREA: Ja, maar ek het maar net . . .

BOYTJIE: Hey, know what? Jy's op die verkeerde balkon. Jy hoort daar, tussen the fancy few. Phyllis, hurry, man!

Phyllis kom uit die kamer. Ongemaklik aangetrek vir 'n spesiale geleentheid.

PHYLLIS: Sorry. O hallo, Andrea.

ANDREA: Hallo. Maggies, jy lyk mooi.

PHYLLIS: Dankie.

BOYTJIE: Ja wat, lekker casual. Kom dis laat. Waar's die wyn?

PHYLLIS: Die wat . . . ?

BOYTJIE: Ons sal maar daar order. Ons kry somaar 'n taxi in die straat. Ons vriende wag vir ons.

PHYLLIS (*verward*): È . . . ja, ja ons vriende wag. Bye.

ANDREA: Bye.

BOYTJIE: Hey, Virgin, ons sal iets vir jou saambring? So 'n rolletjie met botter? Ek dink jy sal dit nodig hê!

Boytjie en Phyllis verlaat die balkon by die deur na onder.

Pouse.

Andrea gee 'n lang sug. Sy's bly dis verby.

Dora kom uit haar kamer met 'n stoel.

DORA: Hallo darling, jy moes ingekom het. Just preparing the meal.

ANDREA: Nee wat, dis agtermekaar, tannie Dora. Ek het met Phyllis se man gesels.

DORA: Oppas vir daai Boytjie. Hy's 'n duiwel.

ANDREA: Ja, ek het so gemerk.

DORA: Hy't nie . . . è . . .

ANDREA: Nie wat nie, Tannie?

DORA: Iets viesliks vir jou gesê nie?

ANDREA: Ja, maar hy was verkeerd.

DORA: O wêreld, die slegte Boytjie. Wat was dit?

ANDREA: My geboorteteken. Ek is Gemini.

DORA: Ek ook. Reken, nè? Ons sal goed klaarkom. Help my net gou hier met die tafel, meisie. Dan dek ek hom somaar en dan kan ons aansit.

ANDREA: Goed.

Hulle dra die klein tafeltjie uit haar kamer tot op die balkon.

DORA: Daar's die ander stoel in die hoek, Andrea, bring hom maar uit. Toemaar, moenie worry oor my klere nie – ek het nog nie tyd gehad om die goed weg te pak nie, ag jy weet hoe dit is . . .

ANDREA: Ja, Tannie.

Sy bring die stoel uit.

Tannie Dora woon al lank hier, nè, Tannie?

DORA: Ag, meisie, so oud soos ou Tafelberg. Ek onthou die dag toe ou Jan van Riebeeck hier opgestap het en vir losies gevra het. As dit nie vir ou Maria van Riebeeck was nie, is ons dadelik getroud en Batavia toe, ek en ou stadsvader Jan. Nee, dis goed, nou kan ons lekker oormekaar sit en chat. Wag net gou, meisie, die kos is seker gaar.

Dora gaan uit.

Pouse.

Sy kom terug met borde.

Daar's hy. Toe, darling, sit gerus. O my tyd! Waar's die wyn? Nee, sit nou, Andrea, you're my guest, dearie.

ANDREA: Maar is Tannie seker ek . . .

DORA: Tannie is seker. Sit. Ek is nou met jou.

Dora gaan na die kamer.

Pouse. Andrea lyk selfbewus en ongemaklik. Kyk amper verlangend na die oorkant.

Dora kom weer in met twee borde

So ja, Ag, dis maar 'n casual mealtjie. Jy moet my nou verskoon, maar . . . en . . . ag, jy weet dis mos baie lekkerder om so casual te eet. Somaar uit blikkies. Maar die sous, ai, die ou sousie is eg; egte ou boeresous. Begin gerus met die grapefruit, darling. Hmmmm, lekker ou vrug. Jy weet natuurlik al ons beste vrugte word uitgevoer, maar ag nou ja, dis die beste wat ek kon kry. Orals gesoek. Wil jy suiker by hê?

ANDREA: Tannie Dora? Ek . . .

DORA: Nee, kind, as dit te suur is, eet gerus suiker by. Dis mos alles na 'n mens se eie smaak, of hoe. O gits, die wyn.

Dora gaan uit.

Pouse.

Sy kom terug met 'n boks wyn.

Daar.

Sy kyk om seker te maak alles is daar.

Wag, wag, wag . . .

Dora gaan weer uit.

Pouse.

Kom terug met kersie in houer en vuurhoutjies.

So 'n kersie. Ag, sentimental old me. So ja. Rook jy?

ANDREA: Nee

DORA: Nee wat, dis goed. Vieslike gewoonte. Hulle sê mos die kersie vat die sigareetrook weg, maar dis mos nou nie nodig nie. Somaar vir show.

Dora lag. Andrea glimlag. Musiek van oorkant af laat hulle kyk.

Hulle hou party daar oorkant.

ANDREA: Lyk so.

DORA: Nee wat, ek het nie tyd vir mense wat my nie kan groet nie. Toemaar wat, los hulle. Wyn?

ANDREA: Dankie.

Pouse.

Tannie, ek . . .

DORA: Jy drink mos nie uit gewoonte nie, Andrea?

ANDREA: Nee, nee. Spaarsaam.

DORA: Dis goed, my kind. Die stad vreet jou so gou op met sy vloeistowwe en gewoontes.

Andrea, ek drink op jou. My vriendin. Alles goed met jou, en God se seën op jou.

Pouse.

Toe, jy kan nou ook drink.

ANDREA: Tannie Dora, ek . . .

Pouse.

DORA: Wat is verkeerd? Jy wil êrens anders wees.

ANDREA: Haai nee, Tannie. Dis heerlik hier.

DORA: O. Toe eet nou, voordat dit kouer word.

ANDREA: Ek . . . ek weet nie hoe om vir Tannie te vra nie. Dis so onbeleefd, ek . . .

DORA: Wat is dit, meisie?

ANDREA: Ek het 'n vriend bo in my kamer.

DORA: O?

ANDREA: Ag nee wat, dis niks.

DORA: Jy wil haar hier by ons saamnooi?

ANDREA: Ja . . . wel, dis nou nie . . .

DORA: Maar natuurlik. Dis Nuwe Jaar. Ek is net te bly om mense te onthaal. Gaan haal haar dadelik. Ek het genoeg kos vir ons almal. Toe nou, met plesier.

ANDREA: Hom.

Pouse.

DORA: 'n Man?

ANDREA (*lag*): Wel, miskien . . .

DORA (*skerp*): Wat?

ANDREA: Seun. Hy's baie jonk.

DORA: Seun?

ANDREA: Ja, hy was alleen, en ek . . .

DORA: Familie?

ANDREA: Vriend.

DORA: Nuwe vriend?

ANDREA: Ja, taamlik nuut. Maar ag nee wat, toemaar . . .

DORA: Andrea! Natuurlik moet jou vriend saam met ons eet. Natuurlik! Sonder twyfel. Gaan haal hom dadelik!

ANDREA: Maar tannie Dora, hy . . .

DORA: Ek wil nie 'n woord verder hoor nie! Ek sal een van Phyllis se stoele leen. No problem. Toe asseblief, ek sal dit baie geniet. Ag, dis mos lekker om 'n kêrel so by ons te hê! Nee, los nou die bord. Dit sal hou. Gaan haal hom dadelik!

Andrea gaan uit.

Dora verdeel nou alles op die borde versigtig om drie mense te bedien. Haar bord het die minste. Ook met die wyn. Sy hou 'n koppie en gee die twee glase aan die gaste.

Dora gaan na Phyllis se deur, maak oop en praat saggies. Ons hoor vakerige kinderstemme.

Wat is dit, Antoinette? Nee, my poppie, Mammie en Pappie is uit. Toemaar, darling, Auntie Dora is net hier buite op die balkon. As jy iets wil hê, roep net, hoor? Ja-nee, darling, ek is hier. Goodnight, my child.

Dora kom in met 'n stoel. Sit dit neer en gaan sit. Wag.

Andrea en Jack kom terug.

ANDREA: Tannie Dora?

DORA: Ja-nee, Andrea, alles agtermekaar . . .

Pouse.

Sy kyk oopmond na Jack . Hy is 'n 'kleurling'.

ANDREA: Dis my vriend.

DORA: Dit?

Andrea praat stadig met Jack, asof alles vir hom 'n vreemde taal is.

ANDREA: This is D-O-R-A. (*Jack glimlag net.*) Hy praat nie Engels nie.

DORA: Nie Engels nie?

ANDREA: Javanese.

DORA: Wat van Afrikaans . . . nee, sekerlik nie Afrikaans nie . . .

ANDREA: Nee.

Pouse.

DORA: Ja-nee.

ANDREA: Ja.

Pouse.

DORA: Andrea . . .?

ANDREA: Jack? Sit. S-I-T.

DORA: Ja asseblief . . . Andrea?

ANDREA: Tannie Dora! Hy's my . . .

DORA: Hy's S-W-A-R-T!

Pouse.

ANDREA: Nee.

DORA: Wil jy van my 'n gek maak?

ANDREA: Hy's my vriend.

DORA: My ou bediende in Gordonsbaai was ook my vriend, maar sy sit nie aan my tafel nie!

ANDREA: Ons kan loop as jy wil.

DORA: Nee!

Pouse.

ANDREA: Hy's Javanees.

DORA: Hy's kleurling.

ANDREA: Javanees, tannie Dora. Honorary White.

DORA: Wat?

ANDREA: Ja.

DORA: Honorary White? Javanees?

ANDREA: Ja.

DORA: Naby Batavia . . .

ANDREA: In die Ooste.

DORA: Ja . . . maar . . .

ANDREA: Dis wetig, tannie Dora.

Pouse.

Dan glimlag Dora breed.

DORA: Welcome!

Hy glimlag terug. Skud net sy kop.

Verstaan hy niks?

ANDREA: Hy's van 'n skip.

DORA: Van 'n skip. My tyd . . .

Andrea beduie vir hom.

JACK (*vriendelik*): Javanese Jumping Jack.

Pouse.

DORA: My tyd . . .

ANDREA: Dis sy naam.

DORA: Weet jou ma hiervan?

ANDREA: Nee.

DORA: Ja-nee.

Dora lig haar koppie in 'n heildronk.

Happy New Year!

DIE LIGTE GAAN UIT.

EINDE VAN DIE EERSTE BEDRYF

TWEEDE BEDRYF

Dis nou miskien 'n uur later. Dis nou byna Nuwe Jaar 1976.

Die musiek van die party oorkant die straat is nou nie meer wild en wulps nie; dis heelwat kalmer. Jack en Andrea sit en hou hande vas. Sy draai na hom. Dit lyk of hulle gaan soen. Ons hoor Dora uit haar kamer inkom. Die twee breek vinnig van mekaar los. Dora bring drie bekers koffie. Sy het hul intieme oomblik opgelet. Sy probeer maak asof alles normaal is. Elkeen neem 'n beker.

Pouse.

Dan, van oorkant af, die klanke van 'n klassieke klavierkonsert.

ANDREA: Watse musiek is dit, for God's sake?

Dora kyk haar net skerp aan. Andrea roep.

Where's Elvis?

Sy lag en Jack lag saam. Dora glimlag net effens.

DORA: Haai jene, hoe dink ek nou skielik terug.

Andrea sit terug met 'n sug. Trek 'n gesig vir Jack. Hy lag

Ek was eenkeer by so 'n classical concert. Jare gelede . . .

ANDREA: My maggies, tannie Dora.

DORA: Nog in die Stadsaal. Dit was . . . wonderlik. Raai, nè? Daai soort musiek. Ek het so opgewonde geraak, ek het somaar hard gepraat. Haai, Dora? Really, dearie . . . mense het omgedraai en vir my gekyk. My pers rok en groen jas. My scent het skielik in my neus gestink. (Sy sug.) O Here, jou musiek was so mooi . . . so suiwer . . .

ANDREA: My gits, Tannie . . .

DORA: Ek was so skaam. Almal het in stilte geluister, soos dooies. Ek wou skreeu, jubel, spring. Ek het daar my God herken. Maar ek was skaam. Drab.

ANDREA: Hoekom, Tannie?

DORA: Ou verlepte uit die backstreets. Wat weet sy? Van musiek? Niks. True. Maar dit klink nog steeds vir my soos die siel van die lewe. Verlossing. 'Verlore in die majesteit van klank' . . . is dit D.J. Opperman? Langenhoven?

Pouse.

ANDREA: Tannie moet maar weer gaan.

DORA: Tannie moet maar weer gaan? Tannie is bang. Ek is bang, Andrea my vriendin, bang ek vind iets . . . iets anders in die klanke, sonder opwinding, sonder om te wil skree en jubel.

Andrea en Jack luister nie meer nie. Is meer behep met mekaar.

Ai, Andrea my meisie, jy's nog jonk. Jy't die lewe uitgestrek voor jou soos die see. Ek wens ek kon my memories vir jou wys soos photos . . . my wonderlike lewe. O, nog vandag ook so. Bietjie stiller. Ek dink meer, onthou meer. Toe was dit vol wonderlike mallighede . . . mallighede. Is maar goed ek het nooit getrou nie. Sou man en kinders onder my voete platgetrap het. Gedans . . . Nuwe Jaar in Gordonsbaai. Kerk toe en dan wegsloop agter die slagtery, waar ons gedans het. Trekklavier gedjol. New Year's Resolution: Dora? Moenie vloek nie, moenie ophou lag nie.

Sy sug deur 'n laggie.

Ek sien in gister se koerant Jan Venter is dood. Ek het 'n Jan Venter destyds in Gordonsbaai geken. Mmmm, wonder of dit my ou Jan Venter is. Dood. My Jan Venter wou sendeling word. Dié Jan Venter was 'n ryk man. Seker dieselfde Jan Venter. Ai, dit gaan so gou verby. Gister gebore, môre dood . . . die son sak al op my.

Skielik besef sy haar gaste luister nie meer nie.

Wil jy 'n chocolate hê? Andrea?

ANDREA: Nee dankie, tannie Dora.

DORA: En wat van . . . è . . . Jumping Bean?

ANDREA: Jack? Ag nee wat, dankie, Tannie.

Pouse.

DORA: Ag, julle jong mense is seker lus om uit te gaan.

ANDREA: Nee, Tannie.

DORA: Ag natuurlik. Ek is mos 'n ou vrou.

Pouse. Hulle weerspreek haar nie.

Ja-nee. Dis nonsense dat julle somaar net hier sit. Toe nou, gaan dans êrens.

ANDREA: Ek dans nie graag nie.

DORA: Dis nou 'n jammerte. Dans is lekker, Andrea.

ANDREA: Ja, dis seker so.

Pouse.

DORA: Nog iets?

ANDREA: Nee dankie, Tannie.

Jack begin giggel en Andrea steek aan. Hulle probeer hulself regruk, maar skud net van die lag. Dora kyk rond met 'n strak glimlag op haar gesig.

DORA: Hoe stil is dit skielik. Die Ou Jaar hou sy asem op voordat hy nuwe lewe uitblaas.

Pouse.

ANDREA: Hulle hou nog party.

DORA: Ja-nee.

ANDREA: Lyk lekker. Ken Tannie vir hulle?

DORA: Hulle's nog jonk. Dis mos nie my tipe mens daai nie. Dis mos nie background-musiek daardie nie. God se klanke.

Andrea begin weer giggel. Jack ook.

Hoekom lag julle?

ANDREA (*hoes kastig*): Nee, Tannie, dis niks.

DORA: Nee, ek wil weet. Lag julle vir my?

ANDREA: Haai nooit, Tannie . . .

DORA: Vir God?

ANDREA: Hoe nou?

DORA: Toemaar. Lag gerus. Hy maak mos die grappe. Ek verstaan soms nie sGod se sin vir humor so mooi nie, maar lag maar saam. Gooi maar grondjies in die graf en lag, want dis sy grappie.

Pouse.

Jy reken dit gaan goed by die werk?

ANDREA: Ja, Tannie.

DORA: Waar is jou werk?

ANDREA: Ag, somaar hier onder êrens.

DORA: Ek is bly.

ANDREA: Nie ver nie.

DORA (*sug*): Ek is bly. En hy?

ANDREA: Sy skip gaan môre weg.

DORA: Ooste toe?

ANDREA: Ek weet nie.

DORA: Waaroor gesels julle?

ANDREA: Hoe nou, Auntie?

DORA: Ek is 'tannie' Dora vir jou, Andrea. Die dag wat jy my 'Auntie' noem weet ek jy's ook verlore.

ANDREA: Ag nee, toe nou, Tannie.

DORA: Die stad sal jou opvreet.

ANDREA (*sug*): Ja, tannie Dora.

Skielike geluide van motors wat toet, mense wat juig. Dis middernag. Nuwe Jaar is hier.

Haai, wat gaan nou aan?

DORA (*sag*): Sy asem is uit.

Andrea en Jack kyk oor die balkon en waai af na die straat. Dora staan op met haar koppie wyn. Sy lig dit formeel op.

Ek drink op die Nuwe Jaar . . . Andrea?

Maar hulle waai nou na die oorkant. Dora lig haar koppie na die gaste op daardie balkon.

Hoekom is hulle nie saam met hulle ouers nie? Dis mos 'n gesinsoomblik. Happy New Year, dearie.

Andrea en Jack soen. Dora kyk vinnig weg.

Wat het Boytjie met my magazine gemaak . . .

Letitia kom van buite in. Sy is uitasem en 'n bietjie dronk. Daar is streamers en tinsel in haar hare.

LETITIA: Happy New Year, Auntie Dora! Give us a kiss, darling.

DORA (*verlig*): Ag, Letitia my meisie, Gods sêen op jou.

LETITIA: I wouldn't say no. Hoe was die orgy?

DORA: Hoe nou?

LETITIA: Die gedjol. Jou supper, Auntie.

DORA: Onvergeetlik. Heeltemal perfek. Jy ken mos vir Andrea.

ANDREA: Nee.

DORA: Dis my vriend, Letitia.

LETITIA: O ja, die nuwe een. Harry het gevra na jou.

ANDREA: Happy New Year.

LETITIA: En vir jou. Hy's die hel in.

DORA: En dis Jack.

JACK: Javanese Jumping Jack!

LETITIA: Hey?

ANDREA: Hy's Javanese.

DORA: Don't worry, darling. Honorary White. It's quite legal!

LETITIA: Ek't julle mos Donderdag saam daar onder gecheck.

ANDREA: Ek dink nie so nie . . .

LETITIA: Of course, man. You still came and bummed some smokes from me.

DORA: Smokes?

Andrea merk Dora se agterdog. Glimlag breed en gaan na Dora, omhels haar en soen haar op die wang.

ANDREA: Happy New Year, tannie Dora.

Draai na Letitia.

Het julle toe sports gehad?

LETITIA: Waar? Vanaand?

ANDREA: Julle's mos club toe of iets.

LETITIA: We had a blerrie ball, my dear.

Rita kom stadig in. Haar hoë hakke maak haar klaar.

RITA: Speak for your blerrie self. God!

DORA: MayGod forgive you, Rita.

RITA: May God forget you, Dora!

LETITIA: Rita, it's not the end of the world!

RITA: No, it's Cape Town! Sies, ek sit nie weer my blerrie pote in daai kak se kêffie nie.

Fancy that – 'unescorted women' taboo somaar sudden-like. What's this? Day of Judgement?

DORA: Wil jy iets eet, Letitia?

LETITIA: No thanks, Auntie, ek is vol.

RITA: Where does he crawl out of, Harry Horrible? Almal weet sy club is whores' paradise. Who needs it?

DORA: And you still ask?

RITA: So where's your fancy party? Ek sien niks. Don't tell me they didn't come. Shame, I'll cry tomorrow. Nuwe Jaar is oor, Auntie Dora. Back to normal, dearie – the Lone Ranger! O nee wag, dié stacked heels maak my dood. The price to pay for six inches – crippled for life. And I don't mean men either!

Sy huppel na haar kamerdeur en gaan binne.

DORA: Eendag sal sy ook terugdink, maar ween.

LETITIA: Los haar, Auntie. Die klein teef is baie upset.

DORA (*sarkasties*): Ag shame!

LETITIA: Onder daai mascara swem 'n oog vol trane.

DORA: Ek is al eenkeer deur haar in die gesig gevat. Not again. Sy los my uit. For her information het my guests gekom. Ons het heerlik gevier, nè, Andrea?

ANDREA: Ja-nee, tannie Dora.

LETITIA: Jy? O my God!

DORA: Letitia!

LETITIA: Ek bid, Auntie Dora.

Sy kyk rond op die tafel.

Wat het julle geëet?

ANDREA: Chewing gum.

DORA: Hoe kan jy so iets sê, Andrea?

ANDREA: Ek joke maar net, Auntie!

DORA: Ons het saam die Nuwe Jaar verwelkom. Die toeters het hard geblaas, nè?

ANDREA: Ja-nee, hard geblaas.

LETITIA: Waar kry jy daai grand outfit? Smart!

DORA: Baie smart, Andrea, jy lyk so mooi vanaand. Jou ma sou trots wees op jou.

LETITIA: And me?

DORA: Jy lyk ook heel interessant, Letitia.

Rita kom terug sonder haar stewels.

RITA: Jou roots wys.

LETITIA: Jou gat, man.

DORA: Ag, wat sal ek nie nou gee vir 'n ou likeurtjie nie. Hoe lyk dit?

RITA: Het jy Van Der Hum?

DORA: Wat?

RITA: To you Eno's in Coke.

DORA (*aarselend*): 'n Likeurtjie is net die ding om die aand te eindig.

RITA: It's not started yet!

LETITIA: Hey, Boytjie het brandy in sy kamer.

RITA: O jippeee, drown my sorrows!

DORA: Bly daar uit, die kinders slaap.

RITA: Hey? Who needs his brandy? You! So get it yourself!

ANDREA: Wag, ek het brandy bo in die kamer.

Sy wys vir Jack wat hy moet gaan haal. Hy gaan uit.

DORA: Maar, Andrea, jy drink mos nie?

ANDREA: Hoe nou, Tannie?

LETITIA: Ag, Auntie, dis haar medisyne. Against the curses of life, nè, Andrea darling?

ANDREA: Ja. Life.

DORA: Wat is verkeerd met jou dat jy medisyne nodig het? Is jy siek?

ANDREA: Nee, Tannie.

DORA: Sê my net betyds. Ek het allerlei dinge vir enige siekte.

RITA: Except old age, but give her time. So, hoe was die orgy?

ANDREA: Lekker.

RITA: Harry is die donner in.

ANDREA: Who cares?

RITA: Maybe Harry.

ANDREA: I'm nobody's property, hey!

RITA: Pity you didn't tell him yourself. As hy weet jy's onder 'n hotnot, slaat hy jou dood.

ANDREA: Harry doesn't own me.

RITA: You owe him money.

ANDREA: Ek sal dit terugbetaal.

RITA: So when? Next Christmas? Moenie mors met Harry nie, girlie. I warn you. Ons is almal deur hom rondgeneuk. Why do you think we're here so early? Unescorted? Like hell. Harry hou ons at arm's length.

LETITIA: Ag, who needs Harry!

Rita kyk na die party oorkant hulle.

RITA: Ek wens hulle word deur die polisie opgesluit. Blerrie snobs.

LETITIA: Ag, los hulle uit, Rita. Klink of jy jaloers word.

RITA (hyg): O nee, ek gaan siek word . . .

Sy is vinnig na haar kamer en klap die deur toe. Dora wil volg.

LETITIA: Los haar, Auntie, please, man. Let her keep her weaknesses private.

DORA (kwaad): Is sy weer aan die drink? Jy weet sy mag nie daaraan vat nie, jy weet dit!

LETITIA: Wat kan ek doen? Sy's blerrie headstrong.

DORA: Die kind is gesê om nie te drink nie!

LETITIA: A drop a day keeps the tears away. Stop impressing your guest, Auntie. Ou Florence Nightingale lyk maar stupid in hierdie plek.

Ons hoor Rita gooi op. 'n Glas breek.

In my blerrie wasbak! Hey, Rita! Move my blerrie toothbrush out of the way!

DORA: Ek het net die regte ding in my kassie.

Dora gaan na haar kamer.

LETITIA: Hell, I should've stayed on the street. It's going to be one of those nights.

ANDREA: Ja.

LETITIA: Waar's jou stuk?

ANDREA: Ek weet nie. O ja, hy't gaan brandy haal.

LETITIA: Don't let him loose in this place, we'll eat him up. Hy's blerrie mooi.

ANDREA: Ja.

LETITIA: Lekker gebou, nè?

ANDREA: Like a bullet.

LETITIA: Hoekom is jy nie straight met Auntie Dora nie?

ANDREA: Natuurlik is ek straight met haar.

LETITIA: Hey, listen, I'm no fool. We all know what happens in your room. Voor hom was dit daai blonde Swede. Jy's 'n ou pomper. Hoekom pretend jy jy's glitter?

Dora kom terug met 'n bottel medisyne.

Los, Auntie. Gee. Rita sal jou met die toothpaste aanval.

Letitia neem die bottel en gaan na die kamer waar Rita is.

Dora sit verslae en uitgeput.

DORA: O, Andrea, my hart is so seer. Hulle's so jonk en hulle lewens is al amper oor.

ANDREA: Foeitog, Auntie.

DORA: 'Auntie'? You'd be damn good on the stage, weet jy? Die smaak van die maal is al amper bitter op my tong.

Letitia kom terug op die balkon.

Lief en leed, soet en suur. En nou, Letitia?

LETITIA: She wants you, Auntie.

DORA: Natuurlik. Verskoon my. Andrea, as jou brandy kom, bring dit deur. For me.

Dora gaan na Rita in die kamer.

LETITIA (*sing*): 'Daar kom ou Auntie Dora

Ou Auntie Dora die kom oor die see . . .'

Sy kyk Andrea op en af.

You want some friendly advice? Moenie vir ou Dora rondneuk nie. Not for her sake, for yours. Ou Dora's got contacts. Sy's soos die blerrie landlady hier, hoor. As sy jou nie smaak nie, waai jy.

ANDREA: Rita's nog hier.

LETITIA: That's different. It's all sentimental. She reminds Dora of someone. Maar Rita moet haar ook regruk. Dora's sentiment is aan die droogloop.

Sy kyk na die kamer se toe deur.

I wish she'd bugger off and get her own room, man. Ek wil gaan slaap.

ANDREA: Sê vir haar om te gaan.

LETITIA: Jy's ook maar rou, ou Andrea. You tell anyone to get out of your room? Dis 'n declaration of war. I've got enough problems without Rita or anyone hating me. I like people to love me, man, that's why I'm in this business.

Sy lag en peusel van die bord af.

This business. Ek en Rita is albei in die Hoërskool getrain. Katikisasieklasse en Sondagskoolpieknieks. Toe stuur my ouers my Kaap toe. Ek was by die Tek vir 'n week. Typing. I met Rita. Not typing. My one and one didn't make her ten. Ek het nuwe dinge ontdek. Mixing work and pleasure. I was in demand. Built for comfort, to hell with style. I leave style to Rita. I learnt how to talk English proper.

I bought a typewriter from my first pay – a Japanese sailor. Klein bliksem. Omtrent my seergemaak. I thought they were supposed to know the art of love. Like hell, hy't my soos 'n blerrie trampolien gebruik. Anyway, I crawled down to the shop the next morning; bought a typewriter. Typed a letter to my ma: 'Dear Mama, I've already got ten a minute!' Never mind her reading 'words' and me meaning 'rands'. Took me hours. Ek tik nou elke tweede dag 'n brief. I'm quite good now. Maybe one day I'll be a real typist. If my fatal charms desert me. Maar's okay . . .

Dora maak die deur saggies oop en staan en luister na Letitia.

Ek kan stop wanneer ek wil. I'm still waiting for someone to ask me, but no one ever does. What's a nice Afrikaans girl like you doing in a place like this? I'll blerrie tell them! Waiting for you to make me legitimate, you tactless bastard. Not like that rabbit-hutch in there . . . (sy wys na Phyllis en Boytjie se kamer) . . . but in style, you know. I can wait. I've got all my answers ready.

Boytjie kom van onder af in en slinger na sy kamer. Klap die deur toe. Ons hoor:

BOYTJIE (skree): Waar's die stoel? Hey! Wat doen my klere op die vloer?

Hy kom terug na die balkon, halfgekleed.

Dora, dammit, man, het jy my stoel gevat?

DORA: Ja, Boytjie dearie, vir my dinnertjie.

BOYTJIE: Jou dinnertjie se gat. Sit terug. Wat dink julle is dit? 'n Blerrie commune?

Hy gryp die stoel en gaan terug na die kamer, mompelend.

ANDREA: Ek het die stoel gevat.

BOYTJIE: Ag, hou jou bek!

ANDREA: Ek sê, ek het die stoel gevat. Moenie vir haar verskree nie. Vloek vir my!

BOYTJIE: Hey, luister, Virgin, ek klap jou hard, hoor. Ek het vanaand al een fight gehad.

Ek's lus vir baklei!

ANDREA: Ek sê nog . . .

DORA (stil): Mind your own business, Andrea.

Boytjie gaan in sy kamer in met die stoel. Klap die deur toe. Ons hoor 'n kind se stem.

Pouse.

LETITIA: Waar's Phyllie?

Andrea gaan vinnig uit na die straat. Kom amper dadelik terug met die huilende Phyllis.

Hey, Phyllis?

DORA: Ek het geweet! Hy't weer aan haar geslaan. Kom sit hier, dearie. Nou bars daai

Boyttjie van jou!

Dora is op pad na hulle kamer.

PHYLLIS (*pleit*): Please, no, Auntie! Tannie, asseblief!

DORA: Okay, okay. Bedaar. Toe, hier's 'n druppel wyn.

ANDREA: My brandewyn kom.

DORA: O, dis goed.

LETITIA (*sexy*): Sal ek die platoniese Honorary White gaan help soek?

DORA: Nee, jy bly net hier. Toe, Phyllis, relax darling. Auntie Dora's here.

PHYLLIS (*huil*): Daar was 'n fight. Boyttjie en drie ouens. Waar's hy?

LETITIA: In die kamer met sy simpel stoel.

PHYLLIS (*probeer staan*): Die kinders!

DORA : Shhh . . . sit eers 'n bietjie.

PHYLLIS: Maar hy's in die kamer met die kinders!

DORA (*skerp*): Los hom uit, Phyllis! I can see the danger signs. Let him sleep it off. Now tell me what happened. Letitia, af van my railing. Dis gepolish.

Phyllis drink 'n paar monde vol wyn. Vee haar gesig af aan die papierservet. Word kalmer.

Almal wag vir haar om te vertel.

PHYLLIS: Ons het bestel. Steaks. Ek het gevra vir . . . mushrooms.

DORA: Sampioene.

PHYLLIS: O ja. Boyttjie was lus vir 'n T-bone . . . haai, die goed is duur, hoor? Anyway, daai drie Engelse ouens was by die tafel langs ons. Hulle't gelag vir ons, maar's okay. Boyttjie was on top form. Ek dog hulle lag vir sy jokes.

LETITIA: Hey, Auntie, vertel haar jou joke. Cheer her up, man.

Dora maak haar stil met 'n gluur.

PHYLLIS: Toe kom my kos op 'n houtplank. Boyttjie vra toe vir 'n bord. Gesê hy is nie 'n hond nie. Ek weet nie. Een van die ouens sê toe iets van 'n Boerbrak en sy vet bitch. Daar was 'n fight. Dinge het gebreek. My steak het op die vloer geval. Toe gly Boyttjie op 'n mushroom en die vistenk donner om!

LETITIA: Vistenk?

PHYLLIS (*giggel*): Ja, blerrie vistenk in 'n steakhouse. Vieslike klein vissies orals op die vloer tussen stukkies steak en pap mushrooms. Sies, man, ek wou naer word. Hulle't ons uitgesmyt. Daar was baie dinge gebreek en die gemors op die vloer en die visse . . .

Hulle't gesê hulle sou die polisie bel. Ons het maar liewers geloop.

LETITIA: Ag, man, who needs it. You're okay, Phyllis.

PHYLLIS: But my bag, Letitia, man, I lost my handbag. Ek weet nie. Dit was daar langs my op die bankie, maar met al die visse en dinge het dit verdwyn. Letitia, my blerrie bag with the kids' papers and my post-office book and all that.

Sy begin weer huil.

Shit, man . . . en ek het 'n paar ekstra rand in my beursie gehad wat ek gehou het vir 'n groot dag. Om pudding daarmee te koop. Miskien ice-cream-with-chocolate-sauce want dis Boytjie se favourite . . . sy nege rand was nie genoeg nie. Nou's alles weg!

LETITIA: I'll give you some money, Phyllis, man.

PHYLLIS: Ja, maar ek is nog vrek honger! I didn't even eat a blerrie mushroom. Happy New Year? Sies!

Hulle begin skielik almal lag. 'n Oomblik van verligting. Uiteindelik.

Maar ek het iets gekry . . .

LETITIA: A blerrie fat eye?

PHYLLIS: Nee, kyk.

Sy trek 'n opgefrommelde Kersfeesklapper uit die voorkant van haar rok.

'With compliments from the Happy-Happy Steakhouse.'

Letitia skeer die gek met Phyllis.

Nee, stop, Letitia, ek sal my broek natpiepie . . . o hel, my maag is seer.

DORA: Jy sal doodgaan van die honger, my arme kind. Hier . . .

Sy gee vir Phyllis iets. Phyllis eet dit.

PHYLLIS: En toe? Hoe was julle party?

DORA: Baie aangenaam.

PHYLLIS: I'm sorry to spoil your fun like this. Hel, what a blerrie mess. Oh, I nearly forgot.

In the street Boytjie shouted at me like it was my fault. He said I flirted! Me! Flirt? Ek weet nie eers hoe om te fluit nie!

LETITIA: Get Rita to teach you. As sy haar tande uithaal, fluit sy soos 'n blerrie factory whistle.

Hulle lag saam. Phyllis voel veilig tussen hulle.

DORA: So, hoe gaan dit nou, darling? Voel jy alright? I mean in your state.

PHYLLIS (*geskok*): Wat? Ag nee, Auntie, man! Hoe kan jy dit nou uitlap? Ek sal voor jou die lewe verlaat!

LETITIA: Wat's verkeerd? Is jy al weer pregnant?

PHYLLIS (*huil*): Ag nee, Auntie Dora, jy't belowe!

DORA (*verbaas*): Maar ek't dan niks gesê nie. Ask Andrea. I swear on the Bible!

ANDREA: Nee, sy't niks gesê nie. Hoeveel maande?

PHYLLIS: Te laat om dit te stop.

ANDREA: Ek weet van 'n dokter . . .

DORA: Andrea, waar kom jy aan hierdie goed? Brandewyn, smokes, dokter? What's going on in your head?

ANDREA: I'm practical.

DORA: As Hy 'n kind in haar skep, dan is dit sy wil.

ANDREA: Ja, tannie Dora, en as daardie kind sterf van ellende, wie se wil is dit?

Rita kom in. Sy dra haar ou kamerjas, pantoffels. Geen grimering. Hare in 'n stertjie.

RITA: Kinders sterf nie meer van ellende nie. Hulle kom liewers Kaapstad toe. Hi, almal!

Ek't klaar gekots. What's happening?

LETITIA: Boytjie en Phyllis.

RITA: I said, what's new? Hulle relationship hang-ups is so oud en boring soos laas jaar se modes.

DORA: Phyllis is 'n goeie ma.

PHYLLIS (*sug*): Dis 'n nuwe grap . . .

Boytjie staan in die deur van hulle kamer.

BOYTJIE: Soos jy? 'n Goeie ma soos jy, Dora?

Almal draai na hom. Hulle's gespanne.

DORA: Boytjie, ek is nie 'n ma nie.

BOYTJIE: O! Dis nie wat jy vir Rita vertel het nie. Destyds toe julle sulke dik pêle was.

Dora's got a secret child living with foster parents. Hey, Dora, your daughter should be at the screwing age already. You should bring her to me.

RITA: For God's sake, Boytjie, los die ou vrou uit.

DORA (*probeer kalm bly*): If I had a daughter, which I don't and I don't question why, I pray to God that if she ever passed me on the street, she'd smile and greet me in return to my greeting. My daughter would have respect.

BOYTJIE: Respect for you?

Dan met skielike woede:

Hey! En wat's die nuwe nonsens oor na Bellville toe trek, hè?

PHYLLIS: Boytjie . . .

BOYTJIE: Bellville? Ek sal nie daar doodgaan nie, nog minder woon. Why you put fancy ideas into her head, Dora?

DORA (*sug*): Ag, Boytjie, grow up and face up to your responsibilities!

BOYTJIE: Face up? Face up? Waarvan lewe hulle? Rokke, ribbons, skoene? Hè? Charity? God who provides? Oh no, me! That's who provides. Ek! Alles wat ek het, gaan by daardie blierie drain af. Alles! Elke blierie sent! En nou skielik is dit nie goed genoeg nie? Nou's dit Bellville! En katte! En 'n tuin! Wie gee sulke goed weg? Hulle?

Hy wys na die oorkant.

Not on your blierie life. 'You lot of white rubbish, vote for us, but stay in your place'!

LETITIA: Ag, Boytjie, go back to bed, man.

BOYTJIE: Julle ou hoere lê lekker rond en die geld word maklik ingedruk. Ek moet werk!

ANDREA (*sag*): Dit sal jou nie seermaak nie.

Pouse.

BOYTJIE: Wat?

DORA: Come on, darlings, clear my part of the balcony. It's late.

BOYTJIE: Wat het jy gesê, Virgin?

ANDREA: Ek het gesê, Boytjie, om te werk sal jou nie seermaak nie. In plaas van jou wit gat in die bar plat te sit, kan jy maklik goeie werk kry en vir haar 'n beter lewe skep.

DORA: O, Andrea? Shut up now, darling.

PHYLLIS (*bang*): Please, Andrea, be careful, man!

ANDREA: Kyk hoe lyk jy. Sies, jy behoort vir haar te betaal om vir jou bed toe te neem. G'n wonder hulle't vir jou gelag nie. Boerbrak met sy bitch!

BOYTJIE: Watse skinner het jy hier uitgeklap? Hè?

PHYLLIS: Niks, Boytjie, niks. Die Here kan my hoor.

ANDREA: Ja, slaan haar. Klap vir my. Kom, dis maklik, nè? Die groot wit baas slaan maklik aan die meisies!

DORA: O my tyd, Letitia, doen iets asseblief!

ANDREA: Mal Jan onder die hoenders! Groot kokkedoer. Ek ken jou soort, Boytjie. Jy's nie verniet 'Boytjie' genoem nie. Verkleinwoordjie! Maak groot geraas want die ou koppie is maar leeg-leeg.

Dit lyk of Boytjie haar kan slaan. Sy hou aan met glimlag. Sy wys geen vrees nie. Almal kyk gespanne. Dan begin Boytjie lag.

BOYTJIE: Phew! Plaasjapie? You must have respect, man, especially for someone who could break your nose, hey?

Hy kry almal se aandag.

Sy't 'n gladde bek, nè? Hey, Auntie Dora? Sy weet skielik alles, die Virgin van die plaas. Wie't jou so lekker geleer, Juffrou? Die klonkies onder by die modderdam? Die dominee? School teacher? Nogal smart vir 'n plaasgirlie.

Hy loop om haar, 'waardeer' haar klere met sarkasme.

Ryk ouers, nè? Smart material. Grand. Not bad for a blerrie cheapskate hoer.

LETITIA: Ja, Boytjie, sy reken sy's glitter.

BOYTJIE: Glitter, hey? I might be stupid, but at least I'm respectable. I don't sell myself. Jy weet wat ons hier sê? 'n Dinnertjie met Auntie Dora is jou groot eksamen. So, welkom, Andreatjie. Welcome to the club, Virgin. Now I know you're just one of the girls.

Dora is nou nie meer in beheer van sake nie. Sy probeer die onderwerp verander.

DORA: Af van my railing, Boytjie.

BOYTJIE: Hou jou bek, ou Auntie.

Hy en Andrea kyk stip na mekaar. Dis amper asof daar 'n kompetisie is om te sien wie eerste sal wegkyk. Almal voel die spanning aan.

PHYLLIS: È . . . Boytjie, waar's Auntie Dora se magazine?

RITA: Listen to Phyllis! She's trying to change the subject. Spoiling our fun as always!

PHYLLIS: No, man, Rita . . .

RITA: 'No, man, Rita'. Daar's net een man hier, en dis nie Rita nie! Dis jóú man, ingeval jy vergeet het! En kyk hoe laat jy hulle met hom praat! Nay, man, slat haar, Boytjie, I'd not stand for such blerrie cheek.

Boytjie en Andrea hou nog steeds met 'n gevaarlike glimlag hulle blik op mekaar.

LETITIA (*sug*): Oh me, oh my, where's that brandy? I'm getting bored. Waar's daardie sexy Flap Jack?

DORA: O my tyd, o my tyd! The brandy. As if we don't have enough problems.

LETITIA: Hey, Andrea, wat doen Sexy so lank daar bo?

DORA: Letitia?

LETITIA: Ja, Auntie Dora?

DORA: Letitia, het ek jou ooit daai grap vertel? Never mind, listen. Van die wit man en die bruin man? Die wit man het hom doodgeslaan, voordat die hotnot kon sê: Happy New Year, Baas!

Pouse.

LETITIA: O bliksem! That's a very funny story, Auntie Dora.

BOYTJIE: What's so funny? Ek dink nie dis snaaks nie.

LETITIA: Dis omdat jy maar blerrie stupid is, Boytjie, my ou darling.

RITA: Ag, leave him alone, man! Come on, Boytjie, escort me to my room and I'll give you something to remember me by.

LETITIA: VD?

Sy lag nou hard en dit breek die spanning. Tot Dora moet lag.

RITA: Sies, julle mense maak my siek! As julle alleen en ongelukkig is, en Boytjie maak 'n draai, dan is dit okay. O ja, dan's hy die beste pël in die wêreld. Now suddenly you're all fat with each other's company and so he's stupid! This blerrie bitch pretends dignity is the new fashion and so you all stand around like you've discovered God was a woman!

LETITIA: Jislaaik!

RITA: Ek voel siek! Kom, Boytjie, ek het iemand nodig om my kop vas te hou terwyl ek kots! Funny, hey, Andrea, the moment I saw you tonight, my stomach started spewing. Dorie?

DORA (*agterdogtig*): Wat is dit, Rita?

RITA: Ek ken 'n slang as ek een sien. Oppas.

Sy neem Boytjie aan sy arm en trek hom na die deur. Andrea hou haar glimlag en haar pose. Boytjie wil weer 'n argument begin, maar Rita trek hom weg. Hy gaan saam met haar.

ANDREA: Kobus?

PHYLLIS: Hey?

ANDREA: Kobus, kom hier.

BOYTJIE: Where you know my real name from?

LETITIA: We read your underpants on the washing line.

BOYTJIE: Wat?

PHYLLIS: Die name-tags, Boytjie. Ek koop hulle by die OK. 'Boytjie' is mos nie 'n naam nie. Toe vind ek jou regte naam: Kobus.

Hy gluur haar aan. Phyllis lag flou.

Don't look at me so, man. Jy weet mos hoe is dit by die OK.

ANDREA: Dis 'n pragtige naam. Kobus. Dit laat klein mannetjies groot voorkom.

RITA: Come on, Boytjie, for God's sake!

ANDREA: Kobus . . .

DORA: Clear my balcony, it's late . . .

ANDREA: . . . kom hier, Kobus. Ag toe, ek is mos 'n plaasmeisie. Ek sal jou nie byt nie.

Pouse.

BOYTJIE: Nou well? Wat is dit?

ANDREA: Ek wil rook.

BOYTJIE: Wat?

ANDREA: Ek wil 'n sigaret rook.

RITA: Dè. Vat. Kom, Boytjie!

Sy gooi die pakkie sigarette vir Andrea. Trek Boytjie weg.

ANDREA: Kobus? Will you light my cigarette? Please?

Pouse terwyl hy dit doen.

Thanks ever so much. Kobus? Did anyone ever tell you that you have the most beautiful eyes?

BOYTJIE: Hey?

Hy is nou heeltemal verwar deur haar houding.

ANDREA: Jou oë. Pragtige oë. Ek hoop al jou kinders erf jou pragtige oë.

DORA: O my tyd, wat gaan nou hier aan?

ANDREA: Phyllis, your husband has the most beautiful eyes.

PHYLLIS (*giggel*): Ja. (*Draai na Dora.*) Hel, Auntie? Wat gaan aan?

ANDREA: Gee my jou hand, Kobus.

Sy neem sy hand en bestudeer dit.

O . . . mmm. Your lifeline goes on forever.

BOYTJIE: Lifeline?

ANDREA: Ja, jy gaan baie baie oud word, Kobus.

BOYTJIE: Ag, gaan kak, man!

Hy trek sy hand weg, maar Andrea hou daaraan vas.

ANDREA: Geld.

Pouse.

BOYTJIE: Waar?

Sy wys op sy hand. Hy stel nou belang. Kyk na waar sy wys

Sal ek ryk wees?

ANDREA: Ryk wees? O, laat ek nou sien . . . mmmmmmm.

Sy fluit haar verbasing. Die ander probeer ook sien wat sy sien

Jy gaan baie ryk wees. Ek sien drie groot karre . . . 'n E-type Jaguar, 'n BMW . . . en 'n Volkswagen. 'n Volkswagen?

BOYTJIE: Dis vir Phyllis.

LETITIA: Hey, Phyllis? Check uit vir ou Phyllie in die Volkswa!

PHYLLIS: No, man, Boytjie, I can't drive, man.

ANDREA: 'n Groot huis.

Van hulle trek asem op. Dit word nou baie opwindend. Die spanning van konfrontasie is verby.

BOYTJIE: In Constantia?

RITA: Nee, poephool. Bellville!

BOYTJIE: Nooit!

PHYLLIS: Clifton miskien. Daar op die strand? Of teen die berg?

BOYTJIE: Ag, don't be blerrie ridiculous, Phyllis, who wants to hang on the mountain in a box? I say Constantia.

Almal klap hande. Andrea speel nou voluit die rol van fortuinverteller.

ANDREA: Ek sien . . . ek sien . . . 'n tuin? Ek sien katte.

Pouse.

BOYTJIE: Katte?

ANDREA: Twee katte in 'n mooi tuin.

DORA: Why does that sound familiar?

BOYTJIE: Is in my blerrie hand, Auntie! In my hand! Okay? Daar . . . 'katte'.

Hy wil nog weet.

Wat sien jy nog?

ANDREA: Wat wil jy van my hoor?

PHYLLIS: Asseblief, Andrea, soek vir 'n washing machine?

ANDREA: A washing machine. Laat ek sien . . . nie maklik om hier 'n washing machine te vind nie . . .

PHYLLIS: Ag, toemaar. Kyk in my hand. Miskien is die washing machine daar.

BOYTJIE: Hou jou vet pote tuis!

Hy druk Phyllis weg.

So what else? Will the kids be famous?

ANDREA: In a manner of speaking, yes.

DORA: Andrea? Waar ken jy skielik sulke smart Engels?

LETITIA: Sjoesj, ou Auntie, we're busy with the kids, man. Hey, look properly. Will

Antoinette be a pop star? Ek sê nog jou kind sing nes 'n blerrie pop star.

PHYLLIS: Sy's nog so klein. Andrea, what about little Yvonne then?

DORA: Ja. Yvonne's my favourite kind.

ANDREA (*stadig*): Jou seun, Boytjie. Your son will be very famous.

Pouse.

Dan praat almal tegelyk.

PHYLLIS: Auntie Dora . . .

LETITIA: You should hear her copy Tina Turner . . .

DORA: Listen to this joke, people! Two ladies in the train . . .

BOYTJIE: Shut up met julle raasbekke!

Hy konfronteer weer vir Andrea.

Sê weer.

PHYLLIS: Nee, Andrea, gaan bed toe, asseblief . . .

ANDREA: Sê wat weer, Kobus?

BOYTJIE: Daai ding, man. That what you just said.

ANDREA: Funny, it's gone now. Was it something important, Boytjie?

Pouse.

BOYTJIE: Phyllis, kom kamer toe. Ek wil met jou praat.

PHYLLIS: Dis nog vroeg . . .

BOYTJIE: Kom!

RITA: Los dit nou, Boytjie. Let's go, man. You know, Andrea, I've seen better magic acts at the Community Chest Carnival.

LETITIA: And I'm blerrie dying of thirst. Hey, maybe she can also change water into wine!

DORA (*geskok*): Letitia! Hoe durf jy se iets sê! Hoe durf jy!

LETITIA: Nee, man, Auntie, come right now. I'm only trying to help.

Boytjie gryp Andrea rof.

BOYTJIE: Hier's my hand! Vind weer wat jy dan gesien het!

ANDREA: Ek is moeg.

BOYTJIE: You don't just say things and then forget things. I want to hear it again.

Sy gesig is teen haar.

ANDREA (*sag*): Boytjie, jou asem stink.

'n Skokoomblik.

PHYLLIS (*flouerig*): Dis sy tande, Auntie. Boytjie, you must go to the dentist, man . . .

Boytjie slaan Phyllis hard. Chaos terwyl almal vir Phyllis probeer beskerm. Andrea staan eenkant. Rita trek Boytjie weg van die huilende Phyllis.

BOYTJIE (*skree*): Jou vet jags teef! Ek sal daardie ding uit jou uit donner! I swear to God!

Luister jy, Dora? Sê dit vir Hom, al lag Hy vir my uit! Ja, I swear to God!

Hy gaan saam met Rita uit.

Pouse.

Ons hoor stemme van die oorkant af. Kommentaar op die geraas en geweld:

Hey, they're fighting!

Where?

Maybe we should call the police.

How disgusting!'

Andrea skree op hulle:

ANDREA: Mind your own business, you fucking bastards!

Daar is sarkastiese reaksies van die oorkant af. Andrea probeer haarself in toom hou. Dora is by haar en streef haar kop liggies.

DORA: Oh my tyd, Andrea. Nee, nee, that's no way to talk to those fucking people, dearie.

ANDREA: People? Ag, Auntie Dora, don't make me laugh. Kom, Phyllis.

Phyllis kyk net voor haar uit.

PHYLLIS: Hy sal my doodslaan.

DORA: Ag nonsense, darling, nie terwyl ek hier staan nie.

PHYLLIS: Dit het netnou niks gehelp nie.

Dora is ontsteld, maar probeer toesmeer.

DORA: O. Ja. È . . . Andrea? Waar's daardie Jumping Bean?

ANDREA: Hy's seker te bang om af te kom. Do you blame him?

Dora trek haar skouers op. Andrea neem Phyllis na Dora se kamer.

DORA: Ja, vat haar maar na my kamer. Siestog. Daar is iodine en aspirin in die kassie bo die wasbak. Die klere lê 'n bietjie rond, but ag, I haven't had the time to hang up my . . .

Sy bly eers stil en sug.

Ag Heretjie, ek is nou moeg.

Jack kom in, bangerig en tentatief, met die bottel brandewyn. Kyk rond maar sien geen Boytjie nie. Glimlag breed vir Dora en waai die bottel.

En hier kom jy ook nou aangedraf. Dankie Vadertjie, not a moment too soon. Toe, moenie rondstaan nie, jong. Skink vir jou ou Auntie 'n lekker stywe dop.

Hy glimlag net en skud sy kop.

O eina, nee asseblief. Letitia, vat die bottel van die kind. If he drops it and it breaks, I'll perish without a whimper.

Letitia is juis besig om met Jack te flirt.

Ek sê, vat die bottel! Don't throw yourself at the child. You'll crush him to death!

LETITIA: Hey, Auntie, I'm your friend.

DORA: Friend? Ag, don't make me laugh. Ek praat nie meer met jou nie! Gee my die bottel!
Dora skink 'n stywe dop in die koppie. Drink, hoes, drink weer.

LETITIA: Ek is jammer, Auntie Dora. Truly, I didn't mean to say something so terrible. I
was trying to help . . . Auntie?

DORA: Ek praat nie met jou nie. Gaan weg van my. Jy't my lelik in die gesig gevat. Nie
weer nie. Ek ken jou nie!

Pouse. Jack skud sy kop vir Letitia. Sy kry die boodskap. Neem sy arm.

LETITIA: Ag hoender se hol! Who needs it.

Sy gaan uit met Jack. Dora hoor hulle gaan.

DORA: Who needs it? And you still ask?

Sy merk iets eenaardigs op die oorkanste balkon.

O nee asseblief, wie dra dan so 'n ding . . . Wat gaan tog aan met vandag se kinders.
*Leun oor die balkon en kyk op en af in die straat daaronder. Steek 'n sigaret aan. Van die
oorkant af kom musiek: die ou lied 'The Best Things in Life Are Free'. Ons sien Dora vir die
eerste keer alleen op haar balkon, rustig en kalm. Dan beseft sy wat die lied is en sing teen die
einde saggies saam.*

' . . . and love can come to everyone
the best things in life are free
the best things in life are free.'

*Sy lag sag. Sy praat, maar is dit net met haarself? Elke nou en dan kyk sy op en glimlag na
Bo.*

Haai, hoor nou daar? Back to my heyday. Ek dans agter die ou slagtery in Gordonsbaai op
'n Sondagmiddag. My ma sou dadelik beroerte gekry het.

Sy sug en verwys na die mense aan die oorkant.

Ja-nee, lyk my ons woon maar almal êrens in die verlede. Ook hulle. Die moderne jeug,
die kastige padbouers, die haastige generasie van môre kuier lekker in my heyday. Wed
jou hulle dans nie soos ons gedans het nie. Snaaks om hier en nou te wees en soms is dit
maar weer soos gister. Waar is vandag as môre nog 45 jaar in die toekoms lê? Ag Here, U
weet mos ek kan lag. Ons ken mekaar al so 'n paar jaar of hoe, hè?

Pouse. Sy kyk op, maar daar is geen antwoord nie.

So 'n paar ou jaartjies. My kind. My lewe. My drome – alles tot niet, want dis mos hoe U
grappies maak. Maar dis okay, Here. The best things in life are free . . .

Sy lag; dan kyk sy stip na iets aan die oorkant.

O, daardie seun se hare is te lank . . . te lank.

Sy kyk weer na Bo.

Maar verskoon my nou as ek hier iets vra, Here, maar ek is kwaad.

'n Ambulans word in die straat gehoor, soos dit met sy sirene verbyjaag. Sy volg dit met haar oë.

Maar net 'n bietjie kwaad, Here. Ontevrede. Ag, dis net, U weet . . . U ken my mos . . . ek glo . . . U . . . ek glo U is die Groot Liefde . . . ek sien mos daaglik u Liefde in ons leed . . . u Soet in ons suur.

Dan sterker, met passie.

Hoekom speel U met Phyllis? Sy's so 'n goeie ou mensie, Here. Hy's ook, diep in sy hart, 'n goeie seun, 'n Bietjie stupid, but maybe it's not his fault, if you don't mind me saying so. Maar dis alright. Dis u Wil. Dis u Wil dat ek, Dora Lambrecht gebore in Gordonsbaai in die jare voor Boeings en bomme en die groot bang – dat ek hier is om hulle te help. U ken my, God. Ag, ek's mal vir die kinders. Bring die kindertjies na my, en ek sal hulle behoed, soos U sê?

Pouse.

I'm losing your battle, I'm sorry, darling.

Musiek aan die oorkant trek haar aandag. Andrea kom uit Dora se kamer en maak die deur saggies toe.

ANDREA: Sy slaap, dankie Here . . .

DORA: Ja, ek sê ook dankie Here.

Andrea sien die bottel brandewyn. Kyk rond.

ANDREA: Met wie praat jy?

DORA: 'n Ou vriend.

ANDREA: Jack?

DORA: Wie's Jack?

ANDREA: Phyllis sal daardie kind verloor as hy haar weer slaan.

DORA: Good riddance.

Andrea neem Dora aan die skouers en skud haar.

ANDREA: Sies, Dora! I never thought I'd hear you say that! Not you!

DORA: I don't know . . . O my tyd, hoe kon ek so iets sê . . . ?

ANDREA: Moenie nou tou opgooi nie, liewe Auntie. Jy's al wat hulle het. Asseblief?

DORA: Darling, ek verstaan wraggies nie wat hier aangaan nie. Waarlik nie.

ANDREA: Jy verstaan.

DORA: O ja, vir jou verstaan ek alte goed. Die jonges, die roues – hulle kort die style; ken nie al die trieks soos jy nie. O my tyd, jy't my baie jare teruggeneem, Andrea. I recognised a lot, dearie, and that is why I fear for you more than for the others.

ANDREA: I'll be okay.

DORA: How many will you destroy on your way to wherever you're going?

ANDREA: Hoe sê hulle? God helps those who help themselves?

DORA: Mense wat dit sê tel ek nie tussen my vriende nie. Jy's dan op die verkeerde balkon, Andrea.

ANDREA: Maybe. Maybe not.

DORA: Hoekom het jy so vir my gelieg?

ANDREA: Ek het jou niks vertel nie.

DORA: Al daai rubbish oor die plaas? Jou ma? I thought you were my friend.

ANDREA: Dora, I told you nothing. You made it all up. I still have everything I was born with. Parents, home, security. Everything they (*sy wys na oorkant*) have was mine . . . still is.

DORA: Then why did you come down here?

ANDREA: Ek is moeg. Ek hoor jy kan in Kaapstad vergeet. Ek wil vergeet.

DORA: Maar jy wen dan so maklik.

ANDREA: The prize doesn't interest me.

DORA: Boytjie?

ANDREA: No. Your polished railing.

Dora lyk verward.

Gee my jou hand, Auntie Dora?

DORA: My lifeline goes on forever. And I'll be very rich.

ANDREA: Ag toe, ons is alleen. Laat ek loer?

DORA: 'n Ou hotnot in Gordonsbaai het destyds ook palms gelees. Vir 'n penny. Sy't my toe al gesê: 'Kleinmies Dora? Jy gaan baie oud word en baie baie ryk.' Dis mos waar. Dè.

Sy gee Andrea haar hand.

And then she looked at me with those little watery eyes and laughed at me and squeezed my hand and said: 'Kleinmies Dora? God bless you. You'll never keep a corner of your room dark to cry in. You'll cry in the sun.'

ANDREA: Jammer. Jou hand is moeilik om te lees . . .

DORA: Ja-nee, dis ná al die jare behoorlik deurgewerk.

Dora bestudeer nou self haar hand. Andrea tel Phyllis se Kersfeesklapper op.

ANDREA: Ek het eenkeer veertig van die goed gekoop. En almal was eners. Even surprises are mass-produced. Anyway Dora, ek gaan slaap.

DORA: Jammer die aand was so vervelig. Ek wou jou nog so 'n grappie of twee vertel het.

ANDREA: Toemaar, miskien môre.

DORA: Ja-nee, môre. Ek is miskien nog hier.

ANDREA: Wat doen ons met Phyllis?

DORA: Ons los haar net waar sy is. Ek het nog 'n honderd-en-tien dinge om te doen voordat ek gaan slaap. My railing is in 'n vreeslike toestand. Jy weet nooit wat in die nag kan gebeur nie, en dan sê my vriende ek gaan ewe casual dood en los my railing in 'n gemors.

Hulle lag saam. 'n Kar toet onder in die straat

Letitia is weg met jou Flap Jack.

ANDREA: Is alright. Ek is te moeg om te worry.

DORA: O.

Pouse.

Sê my . . . Andrea, is hy . . .?

ANDREA: Honorary White, darling. It's quite safe.

DORA: Het jou ma enige idee wat jy aanvang?

ANDREA: Kom ons sê sy's te besig om gepla te wees as ek 'n Nuwe Jaar met vriende deurbring.

DORA: En die bruin vriend?

Onder in die straat word weer getoet. Andrea kyk af en waai. Wys sy's op pad.

ANDREA: Okay . . . ek het vergeet. My broer kom my haal.

DORA: Natuurlik. Wie sou anders dink?

ANDREA: Hou die ou blink kant bo, Auntie Dora. Next time you come to me. Vir 'n dinnertjie.

DORA: Ag nee, o my tyd, Andrea, it's all in the family.

Andrea soen haar op albei wange en gaan uit. Dora kyk af hoe sy in die kar klim en die karry weg met 'n groet-toet.

Okay, Andrea, luister. Ek vertel jou gou een. Stop my as jy dit al gehoor het. Daar's die twee tannies in die trein van Durban na die Kaap. Een baie vet en een baie doof.

'Ai,' sê die vette, 'Durban is 'n fantastiese plek.'

'Hoe sê?' vra die dowe tannie.

''n Fantastiese plek, Durban!' skree die vette terug.

'Mmmmmm,' knik die ou dowe.

‘Die pawpaws is so pragtig,’ sê die vette.

‘Hoe nou?’ vra die dowe.

‘Die pawpaws! Net sulke goed,’ en die vette wys so met haar hande. ‘En die piesangs? Net so dik.’

‘Hoe nou?’ sê die ou dowe tannie. ‘Wie se man is dit?’

Dora val rond soos sy lag.

O my tyd, nee toe, ek kan mos nie grappies vertel nie.

Boyttjie het tydens die vertelling ingekom en staan verbaas.

BOYTTJIE: Hey, ou Auntie, are you having a blerrie nervous breakdown?

DORA (*lag*): O, Boyttjie, ekskuus, maar ek lag mos altyd die lekkerste vir my eie grappe.

Boyttjie kyk rond, maar daar is niemand anders nie.

BOYTTJIE: Ja-nee, ek kan sien hoekom. Waar’s Phyllie?

DORA: Phyllis slaap vannag in my kamer. Los haar uit, Boyttjie. Ons het nou genoeg sports gehad.

BOYTTJIE: Gaan sy daar slaap? Ek bedoel . . . all night?

DORA: As sy so lus voel, ja.

BOYTTJIE: Ag nee, Auntie, gaan haal haar. We must go to sleep, it’s late.

DORA: Ek sê mos, sy slaap.

BOYTTJIE: Nee, Auntie, ek wil nie alleen saam met die kinders wees nie. Hulle huil. Ek weet nie wat om te doen nie.

Dora kyk hom kil aan.

Asseblief, ou Auntie. Hey! Ek het jou magazine gevind. Ek bring jou *Sarie*, jy bring ou Phyl? Please, man, Auntie Dora, ek voel self nie so lekker nie.

DORA: As jy ooit weer aan haar slaan . . .

BOYTTJIE: Ja, ja . . . ek bedoel, nee, nee . . .

DORA: . . . ooit weer aan slaan, gaan ek dadelik af na Achmed se kêffie en ek bel die polisie! Verstaan jy my goed, Kobus?

BOYTTJIE: Ja, Auntie.

DORA: Boyttjie, if it’s the last thing I do, I’ll put you behind bars if you hit Phyllis again. Jy weet mos, ek het contacts.

BOYTTJIE: Okay, Auntie, don’t make a lecture, man!

DORA: Bread and water for a month. Wag hier.

Dora gaan in haar kamer in. Ons hoor sy maak Phyllis wakker en praat met haar. Phyllis wil nie uitkom nie. Boytjie wag ongemaklik. Kyk na die oorkant. 'n Kind huil in die ander kamer. Die deur gaan oop. Dora kom uit, maak die deur toe en sluit by Boytjie aan.

Ek is hier en ek hou jou dop.

Hy knik.

Slaap Rita?

BOYTJIE: Nee sies, man, Auntie Dora, moenie so vir my kyk nie. Rita's 'n goeie vriend.

Anyway, ek is getroud, Ek mors nie rond nie.

DORA: Die kind is siek. Sy het te veel laat aande.

BOYTJIE: Maar dis Nuwe Jaar.

DORA: Ja, Kobus. Geseënde Nuwe Jaar.

BOYTJIE: Thanks.

Phyllis kom uit die kamer uit. Dora gee haar 'n drukkie en gaan terug in die kamer. Sy laat die deur oopstaan.

Pouse.

Boytjie kyk oorkant die straat. Phyllis lyk bang om nader te kom.

PHYLLIS: Ek dink Antoinette het 'n koors. Sy's so rusteloos. Die dry cleaner se kind het masels. Dink jy Antoinette het masels, Boytjie?

Hy antwoord nie.

Nee, sy't al masels gehad. Maar jy kan dit twee keer kry. Ek het dinge in Achmed se winkel gekoop, toe vertel sy vrou vir my dat haar niggie dit twee keer gehad het. Dis baie sleg vir die oë. Masels kan jou laat blind word.

Boytjie reageer nie. Phyllis kom stadig nader en staan langs hom.

Ek was gelukkig toe ek klein was. Ek was altyd siek met mangelontsteking toe Mama naby was. Dit was nooit te erg met Mama daar nie.

Pouse.

Is Rita okay?

BOYTJIE: Toe ek klein was, het ek dikwels gehuil want daar was nooit iemand by my toe ek siek was nie. Rita sê mos dis baie alleen as daar niemand by jou is om jou kop vas te hou as jy opgooi nie.

PHYLLIS: Ja.

Pouse.

BOYTJIE: Was jy vanoggend weer siek?

PHYLLIS: Hoe nou?

BOYTJIE: Hoekom is jy elke oggend so vroeg agter die skerm? Ek hoor al vir weke daardie selde geluide, Phyllie. Gooi jy op?

PHYLLIS: Nee, Boytjie, ek belowe, ek borsel net my tande.

Pouse.

BOYTJIE: Jy weet, ou Rita sit elke aand haar tande in 'n glas.

PHYLLIS: Haai? Siestog! Ook as sy werk?

BOYTJIE: Juis dan. Daarom is sy so populêr met die sailors.

PHYLLIS: Sies, man, Boytjie!

Hulle giggel saam. Phyllis haak by hom in. Die geluide van die stad om hulle.

BOYTJIE: Hulle laat my dink jy is ongelukkig.

PHYLLIS: Nee.

BOYTJIE: Ja, ek hoor dit elke dag. Jy's bang vir my.

PHYLLIS: Ag, net as jy te veel drink . . .

BOYTJIE: Hoekom sê jy my sleg voor hulle. Hulle's rubbish.

PHYLLIS: Shame.

Pouse.

Hulle's okay.

Boytjie kyk na die palm van sy hand.

BOYTJIE: Ek wou ook iets word. 'n Groot kokkedoer. Banking assistant. Iets famous.

PHYLLIS Ek't nie geweet nie.

BOYTJIE: Ek was blerrie goed met wiskunde op skool.

PHYLLIS: Jy't my nooit vertel nie.

BOYTJIE: Nou wel, moet ek vir jou alles vertel? Hê? Jy vertel my nie alles nie!

Sy lyk bang. Beweeg weg van hom.

Wil jy hê ek moet jou slaan? Do you want me to get rid of it for you?

PHYLLIS: No, Boytjie, I'm okay.

BOYTJIE: Rita sê ons kan haar kamer op die boonste balkon kry as . . . as dit gebeur. Dis groter. She'll swop.

PHYLLIS: O. Ja, dit is groter.

Sy haak weer in by hom.

Pouse.

BOYTJIE: Ou Rita's siek, jy weet, nè?

PHYLLIS: Ja.

BOYTJIE: Sy sê sy gaan dood.

Pouse.

PHYLLIS: Miskien gaan ons almal dood. Eendag . . .

BOYTJIE (*sag*): Ek wil hê my seun moet eendag famous word, Phyllis.

Hy draai om en gaan na hulle kamer. 'n Kind huil daar binne. Hy roep vir Phyllis.

Phyllis, kom kyk vir Antoinette. Sy's nie lekker nie, man.

Phyllis sluk haar trane weg en gaan saam met hom in die kamer in. Die deur gaan toe. Dora kom uit haar kamer. Sy het 'n sagte doekie en politoer in haar hande om die reling te bewerk. Kyk rond vir haar tydskrif.

DORA: Waar't hy nou die magazine gesit? Ag nee sies, Boytjie . . . I need my literature, dearie.

Sy begin werk aan die hout van die reling.

Rita kom in uit Letitia se kamer. Geen grimering. Sy lyk klein; moeg.

RITA: Auntie, het jy vir my 'n sleeping pill? I can't seem to drop off.

DORA: Hoe voel jy?

Rita begin sag te huil. Dora help haar in 'n stoel. Gaan na haar kamer en kom terug met twee pille in haar hand en 'n glas water. Rita sluk die pille.

RITA: Sies, ou Auntie, hoekom gebeur dit altyd met my? Almal slaap so maklik en so lekker en ek moet maar altyd pretend. Why can't I sleep nicely anymore?

DORA: Ek ken 'n ander dokter, Rita. I told you, I've got contacts.

RITA: It's not for a doctor to heal.

Sy tel Phyllis se Kersfeesklapper op.

Waar kom dit vandaan?

DORA: Phyllis het duur betaal daarvoor. Moet dit nie breek nie.

RITA: Laat ek liewers raai wat's binne.

Sy skud dit 'n paar keer.

Klink soos 'n Volkswagen.

Hulle lag saam.

I think I'll go to Brazil.

DORA: O my tyd, wat gaan nou aan?

RITA: Phyllis says they have a good time there, Auntie. They have parties and they dance in the street with masks and everything.

DORA: Carnival in Brazil?

RITA: Lots of beautiful colours and ribbons and laughter.

DORA: Soos onse Coons?

RITA: Nee, Auntie, dis net die Coons, man. Hulle's almal dronk. Nee, in Brazil is dit anders.

Ek weet daar's helse poverty, maar ek kan type.

DORA: Type? In die Brazil se taal?

RITA: O. Is okay, I'll work in a coffee bar. In a kêffie.

Sy lag lekker.

Rita van Wyk in 'n blerrie Brazilse kêffie. My pa kry 'n stroke.

Hulle kyk na die oorkant.

Daar was mos daai kêffie in Malmesbury, iets te doen met 'n Mexican Hat. El something. Ek't altyd vir Mama daar ontmoet. Eenkeer was ek vroeg, want ek het skool gebunk in die middag en ek't geweet niemand sou my daar in die El Something raaksien nie. Maar dis okay om vroeg te wees, want dis lekker om so mense dop te hou. Hulle kom. Hulle gaan. Kyk, Malmesbury is nie jou Carlton Centre nie, maar dit was vir my. Snaaks, jy kyk na mense, maar in jou kop is jy maar nog steeds die enigste en belangrikste persoon in die wêreld. En as hulle vir jou kyk, is jy maar dan ook net 'n ander person, want vir hulle is hulle die enigstes wat tel.

Sug. Asof sy moontlik pyn het.

Ek het deur die venster gesien hoe Mama die pad oorsteek. Sy was altyd so smart. Vir Malmesbury was Mama altyd soos 'n model uit *Sarie*. Sy't 'n hoed gedra en 'n smart donker suit. En daardie mooi bruin skoene wat ek in my kamer het. En sy't so belangrik gelyk. So gelukkig. O, Auntie Dora, jy sou haar regtig gelaai het. Maar op daardie oomblik het ek skielik geweet . . . I suddenly knew she was going to die.

Dora neem haar hand in hare.

I felt my eyes water and cry, because I just knew that this was the last time we'd meet in the El . . . something.

Pouse.

DORA: Ja-nee.

RITA: Nou kan ek nie eers onthou hoe sy gelyk het nie. Of hoe haar stem geklink het nie. Ek droom van haar, Auntie Dora, maar dit maak my so bang, want sy glimlag nog steeds vir my. Miskien weet sy nie wat ek alles aanvang nie. Of miskien wil sy nie weet nie. Maar ek wens sy het nie altyd so trots gelyk nie. Trots op my? Miskien weet sy dat ek doodgaan . . . hoekom nou kwaad wees, as dit nie vir lank so kan aangaan nie? Maar ek doen ten minste iets? Auntie Dora? Is mos so, nè? Ek doen darem iets?

DORA: Ja. Jy maak mense gelukkig. En soms baie gelukkig. Jou vriendskap het ook vir my baie beteken, onthou jy?

RITA: Ag no, man, Auntie, don't start that . . .

DORA: Nee, nee, I know that's over, Rita. Things can't always stay the same. I don't really mind the way you talk to me . . .

RITA: Ag nee, ou Auntie, man!

DORA: Luister! Maak 'n geraas, dan weet ek jy's nog hier! Die dag wanneer jy ophou om op jou eie manier vir my te sê hoe lief jy vir my is . . .

RITA: Ek is jammer ek vloek so . . .

DORA: Die dag dat jy ophou, is die dag wanneer ek worry. Soos nou.

RITA: Ek voel nie so lekker nie.

DORA: Daardie dokter is nie 'n swaap nie, Rita. Jou maag kan jou lewenswyse nie vat nie.

RITA: So I die young, so who cares?

DORA: Nobody cares. They'll forget your face and your voice, your name. You see that you stay alive. Like me. If only to remind people who see you accidentally that you're also important.

'n Kind huil in Boytjie en Phyllis se kamer.

Siestog. Nou ja, hulle het ten minste hulle kinders om deur te leef. Maar ek dink kinders vergeet ook.

RITA: Ek vergeet nie.

DORA: Ja-nee, darling, en daarom glimlag jou ma terug. Jy's 'n goeie dogter, Ritatie.

Letitia kom uit Rita se kamer uit, lekker deurmekaargevry en moeg. Jack loop saam, nog steeds met sy glimlag.

LETITIA: Hey, wat gaan aan? Ek dog die sex orgy was oor.

DORA: Not by the looks of you, dearie.

LETITIA: Ou Auntie, let me tell you: die pawpaws? Net sulke goed! En die piesang?

Sy en Dora val rond van die lag.

RITA: Shhhhh. Die kinders . . .

DORA: O my tyd, Letitia, jy's 'n vabond.

LETITIA: Auntie, I always say, what's there for the picking, don't leave for the starlings.

Which reminds me, waar's die Virgin?

DORA: Andrea't gaan slaap.

RITA: Sien, sy kan slaap. Sy's 'n teef, maar sy kan slaap. It's not fair.

DORA: She's not so bad, dearie. Ag nee, Letitia, ek is besig met die railing. Af!

LETITIA: Oh no, is die gemors op my gat? Blerrie hel. Help hier, Auntie.

Dora help haar om die politoer van haar broek af te vee.

Anyway, my old darling, ek gaan nou kamer toe. I must still type my letter to my folks.

Ek het jou mos gesê, ek het vyftig rand vir my ma gestuur?

DORA: Jy's 'n goeie meisiekind, Letitia.

LETITIA: Sy wil 'n portable radio hê, soos die een wat jy het, Auntie.

DORA: O darling, herinner my dat ek nuwe batteries kry vir die ding. Is al nou twee aande sonder my late late show. And I miss the jokes.

LETITIA: O nee, Auntie Dora, you and your blerrie jokes.

Beduie net met haar hande die groottes van pawpaws en piesangs.

Hey, Rita, come. If you don't mind my typing, you can sleep in my bed. It's horrible to be alone on New Year. Anyway, ek en die Jumping Jack het jou kamer in 'n slagveld verander.

Sy knipoog vir Dora.

Night, ou Auntie, see you in the morning.

Rita en Letitia beweeg na die deur van Letitia se kamer. Rita stop.

RITA: Auntie?

DORA: Ja, meisie?

RITA: Dankie vir die pil-dinnertjie.

LETITIA: Sies! Hulle hou nog party daar oorkant.

Sy gil:

Hey, julle bastards? It's time to go to work! Luigatte!

DORA: Shhhhhh . . .

LETITIA: Shhhhhh . . .

Sy knipoog weer vir Dora en sy en Rita gaan in die kamer in en maak die deur toe. Dora word bewus van Jack.

DORA: O my tyd, is jy nog hier?

JACK: Javanese Jumping Jack!

DORA: Javanese Jumping Jack, nè? Ai, my ou bediende in Gordonsbaai lag in haar graf.

Well, I'm a bit mature for you, dearie, but that shouldn't stop us having a nightcap.

Sy skink in die een glas. Daar is net 'n koppie oor op die tafel.

'n Glas vir my en 'n koppie vir jou? Wel, dis ten minste nie 'n blikkoppie nie . . . nee, wag.

Gaan na haar kamer vir 'n tweede glas.

Jack tel Phyllis se klapper op en bestudeer dit. Maak dit oop en twee papierpartytjiehoedjies val uit, asook 'n klein plastiekpistooltjie. Hy sit 'n hoedjie op en speel met die pistool.

Dora kom in en skink in die tweede glas. Gee dit vir hom. Sien die pistooltjie.

O my tyd! . . . O my hart, hoe skrik ek nou. Waar kom jy daaraan?

Kyk daarna. Sien die klapper is oop.

Ag nee, dis mos Phyllis se soeweniertjie. Met twee hoedjies nogal? Een vir jou en een vir my . . .

Sy sit die ander hoedjie op haar kop.

Ons pak dit weer alles terug, hoor?

Hy gee haar die pistooltjie.

Nou's dit sulke goed. Wat het gebeur met die ou fluitjies?

Sy lig haar glas.

Javanese Jumping Jack, ek drink op jou. Happy New Year, darling.

Van die oorkant af hoor ons weer die lied: 'The Best things in Life'. Dora lag.

Terug in die ou dae. Back in time, Jack. Happy Very Old Year. I'm young! I'm beautiful!
I'm dancing!

Jack lag net saam.

Kom hotnot, dans met die ounooi!

Sy neem hom in haar arms en hulle dans saam.

Let's face it, darling. Ek is al wat vir jou oorbly!

EINDE